- d) Om te kan registreer as 'n professionele mediese wetenskaplike in die registrasie kategorie Onafhanklike Praktyk in Suid Afrika, vereis die Gesondheidsraad vir Professioneles in Suid-Afrika 'n minimum van 'n toepaslike BSc (honneurs) graad, sowel as 'n internskap by 'n geakkrediteerde instansie en 'n raad goedgekeurde beoordeling van bevoegdheid. Die internskap duur 24 maande en kan slegs in aanvang neem as die graad voltooi is. 'n Wetenskaplike wat 'n MSc of PhD graad behaal het kan aansoek doen vir 'n verkorte internskap. Die minimum vereiste in so 'n geval is 'n 6 maande internskap sowel as 'n beoordeling van bevoegdheid.
- e) Studente wat die BArt et Scien-graad verwerf het, kan aansoek doen vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Professionele Beplannings-liggaam.



## **N.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS**

Die Honneursgraad volg op 'n baccalaureusgraad (kyk N.2.3). Die studie kan voltyds of deelyds gedoen word.

Voornemende studente moet, voor die keurdatum soos deur die toepaslike skooldirekteur bepaal, by die toepaslike skooldirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 3.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke vakgroep beskikbaar is.

**NB: Lesings vir honneursmodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.**

### **N.2.1 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds. Die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds.

### **N.2.2 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die studie kan onderneem word in 'n studieprogram wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Hierdie studieprogramme word in N.2.5 uiteengesit. Benewens die bepaling van die Algemene Reël 3.2, moet bykomend voldoen word aan die spesifieke vereistes wat by die betrokke kurrikulums in N.2.7 gestel word.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die betrokke vakgroep in 'n skool kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die skooldirekteur die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

### **N.2.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

- a) Die student beskik oor 'n gepaste baccalaureusgraad, waarin minstens 60 module-krediete op NKR-Vlak 7 in die kernvak van die betrokke honneursprogram waarvoor die student wil inskryf, aangebied is.
- b) Indien die student nie aan die bepaling van a) voldoen nie bepaal die skooldirekteur, indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die Hons BSc-studie toegelaat kan word.
- c) Vir toelating tot die kurrikulums N610P – N612P in die program Bedryfswiskunde en Informatika word bo-en-behalwe vir die aannames oor vorige leer soos in a) en b) vermeld, ook nog vereis dat 'n student die BSc-kwalifikasie in Bedryfswiskunde en Informatika of die BCom-kwalifikasie in Kwantitatiewe Risikobestuur verwerf het, en wel onderhewig aan die volgende spesifieke voorvereistes:

Honneurskurrikulum	Voorgraadse kurrikulum
N610P	N134P of N137P
N611P	N135P
N612P	N134P of N136P

- d) 'n Minimum voorvereiste vir registrasie vir die nagraadse BWI-kurrikulums N610P, N611P en N612P is dat studente 'n gemiddelde modulepunt van minstens 60% vir die kernmodules in die derdejaar van die betrokke voorgraadse kurrikulum behaal het. Uitsonderings op hierdie reël sal op individuele meriete oorweeg word en moet deur die Direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika goedgekeur word. Neem kennis dat die BWI keuringskomitee die laaste sê het met die toelating van studente in al die BWI en aktuariële honneurs programme.
- e) Studente in Aktuariële Wetenskap wat die kurrikulum N137P geslaag het en vrystellingaanbevelings in ten minste 5 van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika se A1 en A2 vlak-vakke (of ekwivalente Institute and Faculty of Actuaries se CT-vakke), kan tot kurrikulum N609P toegelaat word.
- f) Voornemende studente in Aktuariële Wetenskap moet hulle vergewis van die voorskrifte wat vir studie in Aktuariële Wetenskap geld en wat by die Direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika beskikbaar is.

## **N.2.4 VERWERWING VAN DIE GRAAD**

### **N.2.4.1 Kwalifikasie met onderskeiding**

Met verwysing na Algemene Reël 3.5.2 verwerf 'n student 'n honneursgraad met onderskeiding, indien die graad binne die minimum tydperk voltooi is en 'n geweege gemiddeld van minstens 75% in al die modules verwerf is.

### **N.2.5 STUDIEPROGRAMME**

Behoudens uitsonderings wat die dekaan mag goedkeur, kan die honneursgraad in die volgende maontlike studieprogramme verwerf word: Chemie, Biochemie en Fisika (Skool vir Fisiese- en Chemiese Wetenskappe), Rekenaar- Statistiese en Wiskundige Wetenskappe (Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe), Bedryfswiskunde en Informatika (Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika), Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling (Skool vir Biologiese Wetenskappe en Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe).

### **N.2.6 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

Die uitkomstes soos beskryf by die eerste Baccalaureus Scientiae-graad word steeds by hierdie Honneurs Baccalaureus Scientiae-graad nagestreef, met toespitsing op 'n besondere dissipline of enkele dissiplines uit die natuurwetenskappe. Aan die einde van hierdie honneursstudie sal die kennis, vaardighede, waardes en houdings waarvoor die student reeds beskik, verder afgerond wees, met meer klem op gepaardgaande navorsingsvaardighede.

### **N.2.6.1 Natuurwetenskaplike (insluitend wiskundige en rekenaarkundige) en tegnologiese probleemoplossing**

Aan die einde van die studie is die student in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die betrokke dissipline uit die natuurwetenskaplike, gesondheidswetenskaplike en tegnologiese veld te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

### **N.2.6.2 Toepassing van fundamentele en spesialis-kennis**

Aan die einde van die studie is die student in staat om basiese kennis en tegnieke van die natuurwetenskap en die inligtingstegnologie te integreer om menslike verskynsels en verskynsels in die natuur te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit die volgende in:

Pas natuurwetenskaplike kennis en metodes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe op probleme deur toepaslike aanwending van formele analise en modellering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;

- kommunisering van teorieë, konsepte en idees;
- beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;
- hantering van onsekerhede en risiko's deur gebruik van statistiese beginsels en metodes;
- rekenaarvaardigheid en inligtingstegnologie.

Gebruik die beginsels, wette en tegnieke van die natuurwetenskap (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) op fundamentele vlak om oop bedryfs- en samelewingsprobleme te identifiseer en op te los;

- toepassings te identifiseer en aan te wend;
- oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

### **N.2.6.3 Ondersoeke, eksperimentering en data-analise**

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

- a) ondersoeke en eksperimente te beplan en uit te voer deur gebruikmaking van wetenskaplike modelleringstegnieke;
- b) inligting vanuit data te analiseer, te interpreteer en af te lei.

Die student sal beskik oor beperkte kennis van die fundamentele navorsings-metodologie van die besondere dissipline.

### **N.2.6.4 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie**

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

- a) toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;
- b) rekenaarpakkette vir berekenings, modellering, simulatie en hantering van inligting te gebruik, wat insluit:

- evaluering van die toepaslikheid en beperkings van die pakket
  - korrekte toepassing en werking van die pakket
  - kritiese evaluering van die eindproduk deur die pakket gelewer;
- c) rekenaars, netwerke en inligtingsinfrastrukture te gebruik vir evaluering, prosessering, bestuur en berging van inligting om persoonlike produktiwiteit en spanwerk te verbeter;
- d) basiese tegnieke en kennis van besigheidsbestuur en gesondheids- en veiligheids- en omgewingsbewaring aan te wend op bedryfspraktyk.

#### **N.2.6.5      Professionele en algemene kommunikasie**

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;  
metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die natuurwetenskappe en ekonomiese wetenskappe (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe te pas.

#### **N.2.6.6      Impak van natuurwetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing**

Die student is krities bewus van

- a) die impak van natuurwetenskaplike aktiwiteit (veral dié van die besondere dissipline) op die gemeenskap en die omgewing;
- b) die noodsaaklikheid om by natuurwetenskaplike aktiwiteite
- die impak van tegnologie op die gemeenskap, en
  - die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

#### **N.2.6.7      Span- en multidissiplinêre werk**

Aan die einde van die studie is die student in staat om effektief as individu, in spanne en in multidissiplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

#### **N.2.6.8      Lewenslange leer**

Die student verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voerpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

#### **N.2.6.9      Professionele etiek en praktyk**

Die student is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en

vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

## **N.2.7**

### **ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die Hons BSc program kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die MSc -graad in 'n toepaslike en goedgekeurde rigting. Programspesifieke artikulasiemoontlikhede, indien enige, sal by die betrokke kurrikulums vermeld word.
- b) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie program as geheel nagekom word.
- c) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie in die verskillende dissiplines waarvoor dit verwerf kan word, opgedoen het, sal die student toegegerus wees om met verdere leer voort te gaan in verskeie spesialisasiegebiede aan ander inrigtings.

### **N.3 BACCALAUREUS SCIENTIAE HONEURS**

#### **N.3.1 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN BIOCHEMIE**

SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSKAPPE

##### **N.3.1.1 Kwalifikasiekode: 2DW L01 : Kurrikulum N601P**

Hierdie program is ontwerp met die oog op die opleiding van Biochemici as natuurwetenskaplikes.

Hierdie program is saamgestel uit die volgende modules:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
BCHN611	Analitiese Biochemie	24
BCHN612	Gevorderde Metabolisme	24
<b>Tweede Semester</b>		
BCHN621	Gevorderde Molekulêre Biologie	24
BCHN622	Bioënergetika	24
BCHN671	Biochemie Navorsingsprojek	32
	<b>Totale aantal kredietpunte</b>	<b>128</b>

### N.3.2 PROGRAM: CHEMIE

SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSKAPPE

Kwalifikasiekode: 202117

#### N.3.2.1 Kurrikulum N651P: Chemie

Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Module-kode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
CHEN611	Gevorderde organiese chemie	16
CHEN612	Gevorderde fisiese chemie	16
CHEN613	Gevorderde anorganiese chemie	16
CHEN614	Molekuulmodellering	8
CHEN671	Projek	48
<b>Tweede Semester</b>		
<b>Kies in oorleg met die programkoördineerder DRIE van die volgende keusemodules:</b>		
CHEN621	Homogene katalise	8
CHEN622	Steenkoolchemie	8
CHEN623	Membraanwetenskap -en tegnologie	8
CHEM621	Polimeerchemie	8
CHEM622	Gevorderde struktuuropklaring	8
CHEM623	Omgewingschemie	8
CHEM624	Tegniese vir organiese sintese	8
CHEM626	Elektrochemie	8
	<b>Totale aantal kredietpunte</b>	<b>128</b>

### N.3.3 PROGRAM: FISIKA

SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSKAPPE

Kwalifikasiekode: 202121

#### N.3.3.1 Kurrikulum N652P: Fisika

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word hoofsaaklik in Engels aangebied.

Die navorsingsdirekteur mag aanbeveel dat studente wat BSc-kurrikula N151P en N153P deurloop het, of wat wiskundige agtergrond ontbreek, enkele voorgraadse kursusse ekstra sal moet deurloop, bv. ITRW115, TGWN223, WISN212, WISN226, TGWN311, en / of TGWN312.

Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
FSKH611	Klassieke Meganika	16
FSKH612	Kwantum Meganika I	16
FSKH613	Elektrodinamika	16
FSKH614	Plasmafisika	16
FSKH671	Projek I	8
<b>Tweede Semester</b>		
FSKH621	Kwantum Meganika II	16
FSKH622	Statistiese Meganika	16
FSKH623	Rekenaarfisika (Navorsing)	16
FSKH672	Projek II	8
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>128</b>



### N.3.4 PROGRAM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS

SKOOL: REKENAAR-, STATISTIESE EN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

Kwalifikasiekode: 202134

#### N.3.4.1 Kurrikulum N653P: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels

Hierdie kurrikulum word saamgestel, soos aangedui, uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
ITRI671	Projek I	32
<b>EN VIER van die volgende modules, in oorleg met die skooldirekteur:</b>		
ITRI611	Datapakhuse I	12
ITRI612	Lineêre Programmering I	12
ITRI613	Databasisse I	12
ITRI614	Inligtingstelsel ingenieurswese I	12
ITRI615	Rekenaarsekuriteit I	12
ITRI616	Kunsmatige Intelligensie I	12
ITRI617	Beeldverwerking I	12
ITRI618	Besluitsteunstelsels I	12
<b>Tweede Semester</b>		
<b>EN VIER van die volgende modules in oorleg met die skooldirekteur:</b>		
ITRI621	Datapakhuse II	12
ITRI622	Lineêre Programmering II	12
ITRI623	Databasisse II	12
ITRI624	Inligtingstelsel ingenieurswese II	12
ITRI625	Rekenaarsekuriteit II	12
ITRI626	Kunsmatige Intelligensie II	12
ITRI627	Beeldverwerking II	12
ITRI628	Besluitsteunstelsels II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128</b>

Hierdie kurrikulum N653P gee toelating tot MSc-studie in Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels.

### N.3.5 PROGRAM: STATISTIEK

SKOOL: REKENAAR-, STATISTIESE EN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

Kwalifikasiekode: 202135

#### N.3.5.1 Kurrikulum N654P: Statistiek

Hierdie kurrikulum word saamgestel soos aangedui, uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
STTN611	Projek I: Navorsingsprojek (praktykgerig)	16
STTN612	Statistiese Data-analise I: Modelle	12
STTN613	Hersteekproefneming	12
<b>EN TWEE modules, in oorleg met die Skooldirekteur en die vakvoorsitter by Statistiek, uit die volgende lys:</b>		
STTN614	Statistiese Inferensie	12
STTN615	Stogastiese prosesse I	12
STTN616	Nieparametriese beramingsmetodes	12
STTN617*	Wiskundig- en Rekenaarintensiewe metodes I	12
STTN618**	Finansieelgedrewe Statistiek I	12
<b>Tweede Semester</b>		
STTN621	Navorsingsprojek (navorsingsjoernaalgerig)	16
STTN622	Statistiese Data-analise II: Tydreekse	12
STTN623	Meerveranderlike Statistiek	12
<b>EN TWEE modules, in oorleg met die Skooldirekteur en die vakvoorsitter by Statistiek, uit die volgende lys:</b>		
STTN624	Diskrete Data-analise	12
STTN625	Stogastiese prosesse II	12
STTN626	Waarskynlikheidsleer	12
STTN627*	Wiskundig- en Rekenaarintensiewe Metodes II	12
STTN628**	Finansieelgedrewe statistiek II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128</b>

\* Kies in oorleg met die skooldirekteur en vakvoorsitter op honneursvlak een van die volgende onderwerpe: Modules vir die eerste of tweede semesters uit die kurrikulums van N653P of N601P.

\*\* Kies in oorleg met die skooldirekteur en vakvoorsitter op honneursvlak een van die volgende onderwerpe: Modules vir die eerste of tweede semesters uit die kurrikulums van N609P, N610P of N611P of N612P.

Hierdie kurrikulum N654P gee toelating tot MSc-studie in Statistiek.

### N.3.6

## PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE

SKOOL: REKENAAR-, STATISTIESE EN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

**Kwalifikasiekode: 202136**

### N.3.6.1

#### Kurrikulum N601P: Toegepaste Wiskunde

'n Student wat 'n BSc in N152P, N155P, N159P, N176P (of soortgelyke graad) suksesvol voltooi het, mag inskryf vir hierdie kurrikulum. Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die modules in die tabel. Die kurrikulum is ontwerp met die oog op die opleiding van Toegepaste Wiskundiges en bevat verskeie Wiskunde en Toegepaste Wiskunde modules, asook 'n praktykgerigte navorsingsprojek. Die kurrikulum fokus op wiskundige modellering en studente kan kies tussen finansiële wiskundige modellering of meganiese wiskundige modellering. Hierdie kurrikulum gee toelating tot 'n MSc-studie in Toegepaste Wiskunde. Hierdie kurrikulum gee toegang tot loopbane in die opvoekkundige sektor (sekondêr, tersiêr), finansiële sektor, mynbou, weerkunde en omgewingsmodellering en by ingenieursfirmas en bedrywe wat spesialiste benodig in programmering, besigheidsanalise of data-analise.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
TGWN671	Projek	32
<b>Eerste Semester</b>		
TGWN612	Numeriese Analise I	12
TGWN613	Parsiële Differensiaalvergelykings I	12
<b>EN TWEE modules, in oorleg met die skooldirekteur en die vakvoorsitter by Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, uit die volgende lys:</b>		
TGWN614	Finansiële Wiskunde Modellering I	12
TGWN615	Modellering I	12
TGWN616	Beheerteorie I	12
TGWN617	Vloeistofdinamika I	12
WISN613	Komplekse Funkstieteorie	12
WISN614	Maat- en Integrasieteorie I	12
WISN615	Funksionaalanalise I	12
<b>Tweede Semester</b>		
TGWN622	Numeriese Analise II	12
TGWN623	Parsiële Differensiaalvergelykings II	12
<b>EN TWEE modules, in oorleg met die skooldirekteur en die vakvoorsitter by Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, uit die volgende lys:</b>		
TGWN624	Finansiële Wiskunde Modellering II	12
TGWN625	Modellering II	12
TGWN626	Beheerteorie II	12
TGWN627	Vloeistofdinamika II	12
WISN623	Fourier/Harmoniese Analise	12
WISN624	Maat- en Integrasieteorie II	12
WISN625	Funksionaalanalise II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128</b>

### N.3.7 PROGRAM: WISKUNDE

SKOOL: REKENAAR-, STATISTIESE EN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

**Kwalifikasiekode: 202137**

#### N.3.7.1 Kurrikulum N601P: Wiskunde

'n Student wat 'n BSc in N152P, N154P, N157P, N158P, N159P, N176P, N135P (of soortgelyke graad) suksesvol voltooi het, mag inskryf vir hierdie kurrikulum. Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die modules in die tabel. Die kurrikulum is ontwerp met die oog op die opleiding van Wiskundiges en bevat verskeie Wiskunde en Toegepaste Wiskunde modules, asook 'n praktykgerigte navorsingsprojek. Hierdie kurrikulum gee toelating tot MSc-studie in Wiskunde en (in kombinasie met 'n nagraadse onderwyskwalifikasie en die modulekeuses WISN616/626 binne die program) toelating tot MSc-studie in Natuurwetenskap-Onderwys. Hierdie kurrikulum gee ook toegang tot loopbane in die opvoedkundige sektor (sekondêr, tersiêr), en in finansiële-, industriële- en navorsingsektore.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
WISN671	Projek	32
<b>Eerste Semester</b>		
WISN612	Abstrakte Algebra I	12
WISN614	Maat- en Integrasieteorie I	12
WISN615	Funksionaalanalise I	12
<b>EN EEN module, in oorleg met die skooldirekteur en die vakvoorsitter by Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, uit die volgende lys:</b>		
WISN613	Komplekse Funksieteorie	12
WISN616	Grondslae van Wiskunde	12
TGWN614	Finansiële Wiskunde Modelling I	12
TGWN615	Modelling I	12
<b>Tweede Semester</b>		
WISN627	Matriksanalise	12
WISN624	Maat- en Integrasieteorie II	12
WISN625	Funksionaalanalise II	12
<b>EN EEN module, in oorleg met die skooldirekteur en die vakvoorsitter by Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, uit die volgende lys:</b>		
WISN622	Abstrakte Algebra II	12
WISN623	Fourier/Harmoniese Analise	12
WISN626	Evolusie van Wiskundige Idees	12
WISN628	Topologie	12
TGWN624	Finansiële Wiskunde Modelling II	12
TGWN625	Modelling II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128</b>

### N.3.8 PROGRAM: AKTUARIËLE WETENSKAP

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 202126

#### N.3.8.1 Kurrikulum N609P: Aktuariële wetenskap (Na BSc N137P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in Engels aangebied word.

Die kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
BWIN611	Kwantitatiewe Risiko-analise I	16
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16
BWIN614	Beleggingsteorie I	16
<b>Jaarmodule</b>		
BWIA671	Aktuariële risikobestuur (A301/CA1)	80
BWIR671	Navorsingsmodule: Finansiële Ingenieurswese en Finansiële Modelling	32
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>160</b>

Die geïntegreerde assessering van N609P vind tydens die assessering van die module BWIR671.

**N.3.9 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR**

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.3.9.1 Kwalifikasiekode: 2DP L01: Kurrikulum N601P**

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in Engels aangebied word.

Hierdie program bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
BWIN611	Kwantitatiewe Risiko-analise I	16
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16
BWIN614	Beleggingsteorie I	16
STTN612	Statistiese Data-analise I: Modelle	12
<b>Tweede Semester</b>		
BWIN621	Kwantitatiewe Risiko-analise II	16
ECON623	Risikobestuur	16
STTN622	Statistiese Data-analise II: Tydreekse	12
STTN623	Meerveranderlike Statistiek	12
<b>Jaarmodule</b>		
BWIR671	Navorsingsmodule: Finansiële Ingenieurswese en Finansiële Modelling	32
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie program</b>		<b>148</b>

Die geïntegreerde assessering van N610P vind plaas tydens die assessering van die module BWIR671.

**N.3.10 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN FINANSIËLE WISKUNDE**

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.3.10.1 Kwalifikasiekode: 2DQ L01: Kurrikulum N601P**

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie program bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16
STTN612	Statistiese Data-analise I: Modelle	12
STTN615	Stogastiese Prosesse I	12
WISK613	Topologie van metriese en normeerde ruimtes	8
WISN614	Maat- en Integrasieteorie I	12
WISK615	Differensiaalvergelykings	16
<b>Tweede Semester</b>		
BWIR622	Navorsingsmodule: Finansiële Ingenieurswese en Prying van Afgeleides	32
STTN622	Statistiese Data-analise II: Tydreekse	12
STTN625	Stogastiese Prosesse II	12
WISN624	Maat- en Integrasieteorie II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie program</b>		<b>144</b>

Die geïntegreerde assessering van N611P vind plaas tydens die assessering van die module BWIR622.

### N.3.11 PROGRAM: DATA-ONTGINNING

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 202129

#### N.3.11.1 Kurrikulum N612P: Data-ontginning (Na BSc N134P, N136P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
STTN612	Statistiese Data-analise I: Modelle	12
	Keusemodule <sup>#</sup>	12
	Keusemodule <sup>#</sup>	12/16
	Keusemodule <sup>#</sup>	12/16
<b>Tweede Semester</b>		
STTN623	Meerveranderlike Statistiek	12
	Keusemodule <sup>#</sup>	12
	Keusemodule <sup>#</sup>	12/16
	Keusemodule <sup>#</sup>	12/16
<b>Jaarmodule</b>		
BWIR672	Navorsingsmodule: Finansiële Modelling	32
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128 (min)/144 (maks)</b>

<sup>#</sup> Die keusemodules in die eerste semester mag uit die modules in tabel hieronder gekies word.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIB611	Statistiese leer I	16
BWIB612	Inleiding tot bedryfsintelligensie	12
BWIB613	Probleemoplossing dmv Simulasie	12
BWIN614	Beleggingsteorie I	16
STTN613	Hersteekproefneming	12
ITRI611	Datapakhuse I	12
ITRI613	Databasisse I	12
ITRI616	Kunsmatige Intelligensie I	12
ITRI618	Besluitsteunstelsels I	12

<sup>#</sup> Die keusemodules in die tweede semester mag uit die modules in hierdie tabel gekies word.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIB621	Statistiese leer II	16
BWIB622	Bedryfsgerigte Voorspellingstegniese	16
STTN622	Statistiese Data-analise II: Tydreekse	12
STTN624	Diskrete Data-analise	12
ITRI621	Datapakhuse II	12
ITRI623	Databasisse II	12
ITRI626	Kunsmatige Intelligensie II	12
ITRI628	Besluitsteunstelsels II	12

Die geïntegreerde assessering van N612P vind plaas tydens die assessering van die module BWIR672.



**N.3.12 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN  
OMGEWINGSWETENSKAPPE MET GEOGRAFIE EN  
OMGEWINGSBESTUUR**

SKOLE: BIOLOGIESE WETENSKAPPE

**N.3.12.1 Kwalifikasiekode: 2DM L07 : Kurrikulum N601P**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMBE673	Navorsingsprojek	Jaar	40
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>56</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies VIER van die onderstaande modules</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO613	GIS Toepassings	1	16
OMBO614	GIS Toepassings(slegs voltyds aangebied)	1	16
OMBE625	Inleiding tot Hidrologie en Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur (slegs voltyds aangebied)	2	16
OMBO678	Omgewingsbestuur I	Jaar	20
OMBO681	Omgewingsevaluering	Jaar	20
GGFS671	Inleiding tot Aardwaarneming	Jaar	20
GGFS672	Lugbesoedeling	Jaar	20
OMSB613	Biodiversiteitsbeplanning	1	
<b>Totaal keusemodules</b>			<b>72</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

Hierdie program bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is: Studente neem 4 (VIER) keusemodules ter waarde van 72 krediete. Dit word saamgestel uit twee 20-kredietmodules en twee 16-kredietmodules. Kombinasies van modules sal deur nagraadse personeel aanbeveel word, onderhewig aan goedkeuring deur die Skooldirekteur.

<b>TOTAAL</b>	<b>Krediete</b>
Semester 1	92
Semester 2	36
<b>Totaal jaarvlak</b>	<b>128</b>

**Let wel:** Sommige van die jaarmodules is aan die eerste semester toegeken, maar die kredietlading sal gelykmatig oor die jaar versprei word.

**N.3.13 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN  
OMGEWINGSWETENSKAPPE MET EKOLOGIESE INTERAKSIE  
EN EKOSISTEEM VEERKRAGTIGHEID**

SKOLE: BIOLOGIESE WETENSKAPPE

**N.3.13.1 KWALIFIKASIEKODE: 2DM L01 : KURRIKULUM N601P****a) Fakulteitspesifieke reëls vir program**

Studente mag nie vir meer as vier (4) modules in die eerste semester registreer nie (uitgesluit die navorsingsprojek wat 'n jaarmodule is). Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

**b) Samestelling van program**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>32</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies SES van die onderstaande modules in oorleg met programbestuurder, projekleier en Skooldirekteur</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMWE611	Rehabilitasie van versteurde gebiede (word slegs voltyds aangebied, GDKN121, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
OMSE611	Omgewingsgrondwetenskap (word slegs voltyds aangebied, GDKN121, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
OMSE612	Inleiding tot Landskapsekologie	1	16
OMBO613	Inleiding tot GIS	1	16
OMBO614	GIS toepassings	1	16
OMSB611	Bewaringsekologie	1	16
OMSE621	Restourasie van gedegradeerde ekosistels	2	16
OMSE622	Stedelike ekologie	2	16
OMSE623	Plantekofisiologie en stresfisiologie	2	16
OMSE625	Gevorderde ekotoksikologie	2	16
OMSE626	Mikrobiese ekologie	2	16
<b>Totaal keusemodules</b>			<b>96</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

**N.3.14 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN OMGEWINGSWETENSAPPE MET BIODIVERSITEIT EN BEWARINGSEKOLOGIE**

SKOLE: BIOLOGIESE WETENSAPPE

**N.3.14.1 Kwalifikasiekode: 2DM L02 : Kurrikulum N601P**

**a) Fakulteitspesifieke reëls vir program** Studente mag nie vir meer as vier (4) modules in die eerste semester registreer nie (uitgesluit die navorsingsprojek wat 'n jaarmodule is). Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

**b) Samestelling van program**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMSB611	Bewaringsekolgie	1	16
OMSB624* OMSB613**	Biodiversiteitsbeplanning	1	16
OMSB625* OMSB614**	Biomonitoring en Risiko-analise	1	16
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>80</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies DRIE van die onderstaande modules in oorleg met programbestuurder, projekleier en Skooldirekteur</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMBO613	Inleiding tot GIS	1	16
OMSB621* OMSB629**	Genoomanalise en Bio-informatika	2	16
OMSB627	Herpetologie in Praktyk	2	16
OMSB628	Koraalrifekologie	2	16
OMSE621	Restourasie van gedegradeerde ekostelsels	2	16
OMSE622	Stedelike ekologie	2	16
OMSE625	Gevorderde Ekotoksikologie	2	16
OMSP624	Geleedpotiges / Plant-interaksies	2	16
<b>Totaal keusemodules</b>			<b>48</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

\*OMSB624 en OMSB625 en OMSB621: Slegs vir pyplynstudente fasseer einde 2017 uit.

\*\*OMSB613 en OMSB614 en OMSB629: Slegs nuwe studente in 2017 registreer vir hierdie modules.

OMSB625/OMSB614: 'n Weeklange praktiese opleidingsessie in Potchefstroom is verpligtend. Afstandstudente kan slegs vir hierdie module registreer indien hul bereid is om na Potchefstroom te reis vir praktiese opleiding.

**N.3.15 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN  
OMGEWINGSWETENSAPPE MET AKWATIESE  
EKOSISTEEMWELSTAND**

SKOOL: BIOLOGIESE WETENSAPPE

**N.3.15.1 Kwalifikasiekode: 2DM L03: Kurrikulum N601P**

**a) Fakulteitspesifieke reëls vir program**

Studente mag nie vir meer as vier (4) modules in die eerste semester registreer nie (uitgesluit die navorsingsprojek wat 'n jaarmodule is). Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

**b) Die program bestaan uit die volgende modules wat in twee semesters verdeel is:**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMWW611	Fisies-chemies en biologiese eienskappe van binnelandse waters	1	16
OMSW611	Akwatiese ekosisteme: besoedeling en ekotoksikologie	1	16
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>80</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies VIER van die onderstaande modules in oorleg met programbestuurder, projekteur en Skooldirekteur</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMWW614 (Pyplyn) OMWW617* (2017 nuwe studente)	Soönoses*	1	16
OMWW616	Estuariene en naby-kuslyn mariene-ekologie	1	16
OMWW629 (Pyplyn) OMWF621 (2017 nuwe studente)	Gevorderde afvalwaterbehandeling	2	16
OMSW622**	Fikologie**	2	16
OMBE625	Inleiding tot Hidrologie en Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur	2	16
OMSW624	Omgewingshidrologie (slegs volttyds aangebied)	2	16
OMSB621(Pyplyn) OMSB629 (2017 nuwe studente)	Genoomanalise en Bio-informatika	2	16
OMSE625	Gevorderde ekotoksikologie		
OMSE626	Mikrobiële ekologie	2	16
OMSW625**	Limnologie**	2	16
OMSW626**	Dierekologie**	2	16
<b>Totaal keusemodules</b>			<b>48</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

- \* 'n Weeklange praktiese opleidingsessie in Potchefstroom is verpligtend. Afstandstudente kan slegs vir hierdie module registreer indien hul bereid is om na Potchefstroom te reis vir praktiese opleiding.
- \*\* Voltyds – slegs studente wat by die Arkansas Sate University uitruielprogram betrokke is mag vir die module registreer

PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN OMGEWINGSWETENSAPPE  
MET GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER

SKOOL: BIOLOGIESE WETENSAPPE

**N.3.15.2 Kwalifikasiekode: 2DM L04: Kurrikulum N601P**

**a) Fakulteitspesifieke reëls vir program**

Studente mag nie vir meer as vier (4) modules in die eerste semester registreer nie (uitgesluit die navorsingsprojek wat 'n jaarmodule is). Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMSP611	Beginsels van geïntegreerde plaagbestuur	1	16
OMWP611	Plaagfenologie en skadesimptome	1	16
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>64</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies VIER van die onderstaande modules in oorleg met programbestuurder, projekleier en Skooldirekteur</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMWP613	Ekonomiese skade en drempelwaardes	1	16
OMWW614 word OMWW617*	Soönoses*	1	16
OMSP622	GM-gewasse en geïntegreerde plaagbestuur	2	16
OMSP623	Nematode en gewasse	2	16
OMSP624	Arthropoda/plant-interaksies	2	16
OMSB621 word OMSB629	Genoomanalise en Bio-informatika	2	16
OMSA622	Onkruid: interaksies en beheer	2	16
OMSA623	Plantpatologie	2	16
<b>Totaal keusemodules</b>			<b>64</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

\* 'n Weeklange praktiese opleidingsessie in Potchefstroom is verpligtend. Afstandstudente kan slegs vir hierdie module registreer indien hul bereid is om na Potchefstroom te reis vir praktiese opleiding.

**N.3.16 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN OMGEWINGSWETENSAPPE : OMGEWINGSGEOLOGIE**

SKOOL: GEO- EN RUIMTELIKE WETENSAPPE

**N.3.16.1**

**Kwalifikasiekode: 2DM L05 : Kurrikulum N601P**

**a) Fakulteitspesifieke reëls vir program**

Studente mag nie vir meer as vier (4) modules in die eerste semester registreer nie (uitgesluit die navorsingsprojek wat 'n jaarmodule is). Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

**b) Samestelling van program**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
OMSG611	Omgewingsgeochemie (word slegs voltyds aangebied, GLGN122 en GLGN311 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
OMWE611	Rehabilitasie van versteurde gebiede (word slegs voltyds aangebied, GDKN121, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>64</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Student kies VIER van die volgende modules in oorleg met die programbestuurder, navorsingsdirekteur en die skooldirekteur</b>			
<b>Modulekode</b>		<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMSE611	Omgewingsgrondwetenskap (word slegs voltyds aangebied, GDKN121, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
OMWW611	Fisies-chemies en biologiese eienskappe van binnelandse waters	1	16
OMBO613	Inleiding tot GIS	1	16
OMBO614	GIS Toepassings	1	16
OMSG621	Omgewingsmineralogie (GLGN122 en GLGN211 is voorvereistes vir hierdie module)	2	16
OMSG622	Toegepaste omgewingsgeologie (GLGN112, GLGN221 en GLGN321 is voorvereistes vir hierdie module)	2	16
OMSE621	Restourasie van gedegradeerde ekostelsels	2	16
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>64</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

**N.3.17 PROGRAM : BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN OMGEWINGSWETENSKAPPE MET HIDROLOGIE**

SENTRUM: WATERWETENSKAPPE EN –BESTUUR

**N.3.17.1 Kwalifikasiekode: 2DM L06: Kurrikulum N601P**

**a) Fakulteitspesifieke reëls vir program**

Keuses word uitgeoefen na gelang van kennis en vaardighede wat benodig word vir die navorsingsprojek. Die navorsingsprojekleier, programbestuurder asook die Skooldirekteur moet dus skriftelik die student se keuses goedkeur.

**b) Samestelling van program**

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
<b>Jaarmodule</b>			
OMSE674	Navorsingsprojek	Jaar	32
<b>Totale krediete</b>			<b>32</b>
<b>Eerste Semester</b>			
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMSG611	Omgewingsgeochemie (word slegs voltyds aangebied, GLGN212 en GLGN311 is voorvereistes vir hierdie module)	1	16
<b>Totaal verpligte modules in eerste semester</b>			<b>32</b>
<b>Tweede Semester</b>			
OMBE625	Inleiding tot Hidrologie en Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur (slegs voltyds aangebied)	2	16
OMBE623	Grondwater Geologie	2	16
OMBE624	Geohidrologie	2	16
<b>Totaal verpligte modules in tweede semester</b>			<b>48</b>
<b>Keusemodule*</b>			
<b>Student kies EEN van die volgende modules, uit of die eerste of tweede semester, in oorleg met die programbestuurder, navorsingsdirekteur en die skooldirekteur</b>			
OMBO614*	GIS toepassings*	1	16
OMWW611*	Fisies-chemies en biologiese eienskappe van binnelandse waters*	1	16
OMBE622*	Toegepaste Hidrologie*	2	16
<b>Totaal van Keusemodule</b>			<b>16</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>

\*Student moet een module kies uit of die eerste of tweede semester.



**N.3.18 PROGRAM: BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS IN OMGEWINGSWETENSAPPE MET AFVALBESTUUR**

SKOOL: GEO- EN RUIMTELIKE WETENSAPPE

**N.3.18.1 Kwalifikasiekode: 2DM L08 : Kurrikulum N601P**

Hierdie program bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

<b>Verpligte modules</b>			
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Semester</b>	<b>Kr</b>
<b>Jaarmodule</b>			
OMBE673	Navorsingsprojek	Jaar	40
<b>Totale krediete</b>			<b>40</b>
<b>Eerste Semester</b>			
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	1	16
OMBW611	Grondbeginsels van Afvalbestuur	1	20
OMBW612	Afvalbestuur: Wetgewing en Owerheidsbestuur	1	16
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>52</b>
<b>Tweede Semester</b>			
OMBO681	Omgewingsevaluering I	Jaar	20
OMBW621	Nuwe Afvalbestuursoplossings	2	16
<b>Totaal verpligte modules</b>			<b>36</b>
<b>Keusemodules</b>			
<b>Geen</b>			
<b>Totaal van Keusemodule</b>			<b>0</b>
<b>Totaal program</b>			<b>128</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>Krediete</b>	
Jaarmodule		40	
Semester 1		52	
Semester 2		36	
<b>Totaal jaarvlak</b>		<b>128</b>	

Let wel: Sommige van die jaarmodules is aan die eeste semester toegeken, maar die kredietlading sal gelykmatig oor die jaar versprei word.

## **N.4 EKSAMINERING**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 3.4.

### **N.4.1 SAMESTELLING VAN DIE DEELNAMEPUNT**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

### **N.4.2 TOELATING TOT DIE EKSAMEN**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene Reël 2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is (Algemene Reël 2.4.2).

### **N.4.3 MODULEPUNT**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin evalueringsmetodes van toepassing vir 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit.

### **N.4.4 SLAAGVEREISTES**

- a) Die bepalings van Algemene Reël 3.4.3 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, gewoog volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

### **N.4.5 AANTAL EKSAMENGELEENTHEDE EN HERHALING VAN MODULES**

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, asook verdere eksamengeleenthede, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël 3.4.4.

### **N.4.6 ONBEVREDIGENDE AKADEMIESE PRESTASIE**

Algemene Reël 2.4.7 en 2.4.8 is hier van toepassing.

## **N.5**

### **REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII**

Die Honneursgraad volg op 'n baccalaureusgraad of nadat die skooldirekteur die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die Hons BCom-studie toegelaat het. Die studie kan voltyds of deelyds gedoen word.

Voornemende studente moet voor die keurdatum, soos deur die toepaslike skooldirekteur bepaal, by die toepaslike skooldirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 3.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke vakgroep beskikbaar is.

**NB: Lesings vir honneursmodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.**

#### **N.5.1**

#### **DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds. Die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds.

#### **N.5.2**

#### **TOELATING EN REGISTRASIE**

Die honneursstudie kan onderneem word in 'n studieprogram wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is en in N.3.4. uiteengesit word. Benewens die bepalinge van die Algemene Reël 3.2, moet bykomend voldoen word aan die spesifieke vereistes wat by die betrokke kurrikulums in N.3.6 gestel word.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die betrokke vakgroep in 'n skool kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die skooldirekteur die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.5.3**

#### **AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n gepaste baccalaureusgraad, waarin minstens 60 module-krediete op NKR-Vlak 7 in die kernvak van die betrokke honneursprogram waarvoor die student wil inskryf, aangebied is.

Indien 'n voornemende student nie aan die bepaling hierbo voldoen nie, kan die student deur die skooldirekteur op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die HonsBCom -studie toegelaat word.

#### **N.5.4**

#### **STUDIEPROGRAMME**

Hierdie honneursgraad word in die studieprogram Rekenaarwetenskap-Inligtingstelsels verwerf.

## N.5.5 ALGEMENE UITTREEVLAKUITKOMSTE

Die uitkomst soos beskryf N.2.6 word steeds by hierdie Honneurs Baccalaureus Commercii nagestreef, met toespitsing op 'n besondere dissipline of enkele dissiplines uit die natuurwetenskappe. Aan die einde van hierdie honneursstudie sal die kennis, vaardighede, waardes en houdings waaroor die student reeds beskik, verder afgerond wees, met meer klem op gepaardgaande navorsingsvaardighede.

## N.5.6 PROGRAM: REKENAARWETENSKAP-INLIGTING-STELSELS

SKOOL: REKENAAR-, STATISTIESE EN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

**Kwalifikasiekode: 504143**

### N.5.6.1 Kurrikulum N658P: Rekenaarwetenskap-Inligtingstelsels

Die kurrikulum word soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
ITRI671	Projek	32
<b>Kies nog VIER van die volgende modules, in oorleg met die skoordirekteur:</b>		
ITRI611	Datapakhuis I	12
ITRI613	Databasis I	12
ITRI614	Inligtingstelsel ingenieurswese I	12
ITRI615	Rekenaarsekuriteit I	12
ITRI616	Kunsmatige Intelligensie I	12
ITRI618	Besluitsteunstelsels I	12
<b>Tweede Semester</b>		
<b>En VIER van die volgende modules, in oorleg met die skoordirekteur:</b>		
ITRI621	Datapakhuis II	12
ITRI623	Databasis II	12
ITRI624	Inligtingstelsel ingenieurswese II	12
ITRI625	Rekenaarsekuriteit II	12
ITRI626	Kunsmatige Intelligensie II	12
ITRI628	Besluitsteunstelsels II	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>128</b>

## N.5.7 EKSAMINERING

Die eksamengeleentheid en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 3.4. (Sien ook N4.)

## N.6

### REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE

Die MSc-graad is 'n graad wat kan volg op 'n vierjarige BSc of 'n Hons BSc-graad of 'n ander erkende graad wat deur die dekaan goedgekeur is.

Die studie kan voltyds of deelyds geskied.

Voornemende studente moet voor die keurdatum, soos deur die toepaslike navorsingsdirekteur in oorleg met die betrokke skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

**NB: Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.**

## N.6.1

### INLEIDING

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe in navorsingsentiteite bestuur. Die navorsingsentiteite hanteer die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Tans is daar een sentrum van uitnemendheid, naamlik die Sentrum van uitnemendheid in Ruimtenavorsing, twee navorsingseenhede, naamlik Bedryfswiskunde en Informatika; Omgewingswetenskappe en -Bestuur; navorsingsfokusarea Chemiese Hulpbronveredeling en fokusarea Menslike Metabolomika, asook die volgende Sentrums: Menslike Metabolomika; Waterwetenskappe en –bestuur en Bedryfswiskunde en Informatika.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n M-verhandeling of -skripsie vereis word, dus binne 'n navorsingsentiteit verrig word. In die volgende tabel word die belangrikste verband tussen skole, sentra en die ooreenstemmende navorsingsentiteite weergegee.

Skool/Sentrum	Vakgroep	Navorsingsentiteit
Skool vir Fisiese- en Chemiese Wetenskappe	Biochemie	Menslike Metabolomika
	Chemie	Chemiese Hulpbronveredeling
	Fisika	Ruimtenavorsing
Skool vir Biologiese Wetenskappe	Dierkunde Mikrobiologie Plantkunde	Omgewingswetenskappe en -bestuur

<b>Skool/Sentrum</b>	<b>Vakgroep</b>	<b>Navorsingsentiteit</b>
Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe	Geografie en Omgewingsbestuur Geologie Stads- en Streekbeplanning	Omgewingswetenskappe en -bestuur
Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels Statistiek Toegepaste Wiskunde Wiskunde	Bedryfswiskunde en Informatika
Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika	Aktuariële Wetenskap Bedryfsanalise Finansiële Wiskunde Kwantitatiewe Risikobestuur Risiko-analise	Bedryfswiskunde en Informatika
Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur	Hidrologie	Waterwetenskappe en -bestuur

By die M-programme wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word, word in hierdie Jaarboek ook die navorsingsentiteit waarin die navorsingskomponent van die program ressorteer, aangedui.

## **N.6.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

## **N.6.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n toepaslike vierjarige baccalaureusgraad.

Indien die student nie aan die bepaling voldoen nie, bepaal die navorsingsdirekteur in oorleg met die skoordirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die MSc-studie toegelaat kan word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

## **N.6.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die betrokke navorsingsdirekteur, in oorleg met die skoordirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die

voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die betrokke navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skool-direkteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.6.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

#### **N.6.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

Met die suksesvolle voltooiing van die meeste MSc-kurrikulums kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die doktorsgraad, op NKR-vlak 10, in die kernvak waarin die kwalifikasie verwerf is.

Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kwalifikasie as geheel nagekom word.

Met die basiese, toepasbare en spesialis-vaardighede, sowel as navorsingsvaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie in een van die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike dissiplines opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing in verwante spesialisasiegebiede, aan ander inrigtings voort te gaan.

Programspesifieke artikulasiemoontlikhede sal, waar van toepassing, by die programbeskrywings aangedui word.

#### **N.6.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE**

Die Algemene Reël maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skoordirekteure, uitkomste bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

#### **N.6.8 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

Die uitkomste soos beskryf by die Honneurs Baccalaureus Scientiae word by hierdie Magister Scientiae verder verfyn en afgerond. Verder sal die kwalifiseerders in hierdie kurrikulums vertrou wees met die algemene wetenskaplike metode van navorsing, met toespitsing op die besondere navorsingsmetodologie van een die natuurwetenskaplike kerndisiplines. Dit sluit in:

- a) die identifisering en wetenskaplike formulering van 'n probleemstelling;

- b) 'n deeglike ondersoek van bestaande kennis soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur;
- c) die uitvoer van toepaslike navorsing ter oplossing van die probleem;
- d) die wetenskaplike evaluering van die resultate in die konteks van die probleemstelling;
- e) die wetenskaplike kommunisering van die resultate in die vorm van 'n skripsie, navorsingsverslag of verhandeling.

**N.6.8.1 Natuurwetenskaplike (insluitend wiskundige en rekenaarkundige) en tegnologiese probleemoplossing**

Aan die einde van die studie is die student in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die betrokke dissipline uit die natuurwetenskaplike, gesondheidswetenskaplike en tegnologiese veld te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

**N.6.8.2 Toepassing van fundamentele en spesialis-kennis**

Aan die einde van die studie is die student in staat om basiese kennis en tegnieke van die natuurwetenskap en die inligtingstegnologie te integreer om menslike verskynsels en verskynsels in die natuur te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit die volgende in:

- a) Pas natuurwetenskaplike kennis en metodes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe op probleme deur toepaslike aanwending van:
  - formele analise en modellering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;
  - kommunisering van teorieë, konsepte en idees;
  - beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;
  - hantering van onsekerhede en risiko's deur gebruik van statistiese beginsels en metodes;
  - rekenaarvaardighede en inligtingstegnologie.
- b) Gebruik die beginsels, wette en tegnieke van die natuurwetenskap en gesondheidswetenskappe (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) op fundamentele vlak om
  - oop bedryfs- en samelewingsprobleme te identifiseer en op te los;
  - toepassings te identifiseer en aan te wend;
  - oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

**N.6.8.3 Ondersoeke, eksperimentering en data-analise**

Aan die einde van die studie is die student in staat om

- a) ondersoeke en eksperimente te beplan en uit te voer deur gebruikmaking van wetenskaplike modelleringstegnieke;
- b) inligting vanuit data te analiseer, te interpreteer en af te lei.



Die student sal beskik oor deeglike kennis van die fundamentele navorsingsmetodologie van die besondere dissipline.

#### **N.6.8.4 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstechnologie**

Aan die einde van die studie is die student in staat om

- a) toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;
- b) rekenaarpakkette vir berekenings, modellering, simulاسie en hantering van inligting te gebruik, wat insluit
  - evaluering van die toepaslikheid en beperkings van die pakket;
  - korrekte toepassing en werking van die pakket;
  - kritiese evaluering van die eindproduk deur die pakket gelewer;
  - rekenaars, netwerke en inligtingsinfrastrukture te gebruik vir evaluering, prosessering, bestuur en berging van inligting om persoonlike produktiwiteit en spanwerk te verbeter;
  - basiese tegnieke en kennis van besigheidsbestuur en gesondheids- en veiligheids- en omgewingsbewaring aan te wend op bedryfspraktyk.

#### **N.6.8.5 Professionele en algemene kommunikasie**

Aan die einde van die studie is die student in staat om

- a) sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;
- b) metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die natuurwetenskap en gesondheidswetenskap (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe te pas.

#### **N.6.8.6 Impak van natuurwetenskaplike en gesondheidswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing**

Die student is krities bewus van:

- a) die impak van natuurwetenskaplike en gesondheidswetenskaplike aktiwiteit (veral dié van die besondere dissipline) op die gemeenskap en die omgewing;
- b) die noodsaaklikheid om by natuurwetenskaplike en gesondheidswetenskaplike aktiwiteite
  - die impak van tegnologie op die gemeenskap, en
  - die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

#### **N.6.8.7 Span- en multidisziplinêre werk**

Aan die einde van die studie is die student in staat om effektief as individu, in spanne en in multidisziplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

**N.6.8.8 Lewenslange leer**

Die student verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voerpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed-ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

**N.6.8.9 Professionele etiek en praktyk**

Die student is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

## N.7 PROGRAMME IN DIE EENHEID VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

### N.7.1 SPESIFIEKE AANNAMES OOR VORIGE LEER

Die student beskik oor 'n honneurs baccalaureusgraad. Indien nie, bepaal die skooldirekteur en/of die sentrumdirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die MSc-studie toegelaat kan word.

Normaalweg word vir 'n MSc-graad in 'n spesifieke vakrigting (Rekenaarwetenskap, Statistiek, Toegepaste Wiskunde of Wiskunde), die honneurs baccalaureusgraad in dieselfde vak vereis met die volgende toevoegings:

- 'n Honneurs baccalaureusgraad in Wiskunde met 'n baccalaureusgraad waarin Statistiek tot op vlak 7 verwerf is, verleen toegang tot Statistiek.
- 'n Vierjarige baccalaureusgraad in Ingenieurswese met Toegepaste Wiskunde tot op vlak 7, verleen toegang tot Toegepaste Wiskunde.

Vir toelating tot die kurrikulums N809P – N811P in Bedryfswiskunde en Informatika (BWI), word bo-en behalwe vir die aannames oor vorige leer soos in die algemene MSc-programbeskrywing vermeld, ook nog vereis dat 'n student die Hons BSc-kwalifikasie in Bedryfswiskunde en Informatika verwerf het, en wel onderhewig aan die volgende spesifieke voorvereistes:

Magister kurrikulum	Honneurs kurrikulum
N809P	N610P of N609P
N810P	N611P
N811P	N612P of ekwivalente 4-jaar graad

Oorskakeling tussen kurrikulums, kan in oorleg met die sentrumdirekteur geskied.

Benewens die voorvereistes vir toelating in N.5.9.1 (d) gespesifiseer, kan studente toegang tot die nagraadse BWI-kurrikulums N809P, N810P en N811P geweier word, mits die Sentrum onvoldoende kapasiteit het om die gepaardgaande projekte (BWIR826) te hanteer. Hierdie beperking sal uiteraard met omsigtigheid toegepas word en kan wissel van jaar tot jaar. Die keuringsproses vir die M-graad in BWI vind in September van die vorige jaar plaas, en net die beste kandidate word hiervoor gekies

Vir die MSc in Risiko-analise (N865P), moet die kandidaat beskik oor 'n Honneursgraad in die Wiskundige Wetenskappe met teoretiese of praktiese ervaring in Risiko-analise.

**N.7.1.1 Programspesifieke artikulasiemoontlikhede**

**N.7.1.1.1 MSc-kurrikulums N861P – 808P in Rekenaarwetenskap, Statistiek, Toegepaste Wiskunde en Wiskunde**

Met die suksesvolle voltooiing van die MSc-program sal die student direk toegang hê tot verdere leer vir die doktorsgraad op NKR-vlak 10.

Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

Met die basiese, toepasbare en spesialis-vaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie in een van die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike of gesondheidswetenskaplike dissiplines opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings.

**N.7.1.1.2 MSc-kurrikulums N809P – 811P in Bedryfswiskunde en Informatika en N865P in Risiko-analise**

Hierdie MSc-kurrikulums gee toelating tot 'n PhD-studie in Risiko-analise.

Neem kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte, voltooï moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druij hul graad.

**N.7.2****PROGRAM: REKENAARWETENSKAP**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 203155****N.7.2.1****Kurrikulum N861P: Rekenaarwetenskap**

Hierdie kurrikulum word soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
ITRN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur TWEE modules uit die volgende lys:</b>		
ITRW876	Databasisse	<b>32</b>
ITRW877	Besluitsteunstelsels	32
ITRW878	Kunsmatige Intelligensie	32
ITRW883	Beeldverwerking	32
ITRW884	Inligtingstelsel ingenieurswese	32
ITRW885	Rekenaarsekuriteit	32
ITRW886	Datapakhuse	32
<b>Tweede Semester</b>		
ITRN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
	<b>Totale aantal kredietpunte</b>	<b>180</b>

**N.7.3****PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN WISKUNDIGE STATISTIEK**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.7.3.1****Kwalifikasiekode: 2CY P01: Kurrikulum N801P**

Hierdie program word soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
STTN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur TWEE modules uit die volgende lys:</b>		
STTK874	Gevorderde hersteekproefnemingsmetodes	32
STTK875	Gevorderde statistiese modelle	32
STTK876	Gevorderde meerveranderlike Statistiek	32
STTK877	Gevorderde waarskynlikheidsleer	32
STTK878	Gevorderde Tydsreeksmodelle	32
STTK879	Gevorderde Stogastiese prosesse	32
STTN874	Gevorderde Oorlewingsteorie	32
<b>Tweede Semester</b>		
STTN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
	<b>Totale aantal kredietpunte</b>	<b>180</b>

## N.7.4 PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 203157

### N.7.4.1 Kurrikulum N863P: Toegepaste Wiskunde

Hierdie program word soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
TGWN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en die skooldirekteur TWEE van die volgende modules:</b>		
TGWN881	Toepasbare Analise 1	32
TGWN882	Toepasbare Analise 2	32
TGWN883	Modellering 1	32
TGWN884	Modellering 2	32
TGWN887	Beginsels en Paradigmas: Toegepaste Wiskunde	32
WISN885	Diskrete Strukture 1	32
WISN886	Diskrete Strukture 2	32
<b>Tweede Semester</b>		
TGWN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>180</b>

## N.7.5 PROGRAM: WISKUNDE

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 203158**

### N.7.5.1 Kurrikulum N864P: Wiskunde

Hierdie program word soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
WISK872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en die skooldirekteur TWEE van die volgende modules:</b>		
WISN881	Abstrakte Analise 1	32
WISN882	Abstrakte Analise 2	32
WISN883	Algebra I	32
WISN884	Algebra II	32
WISN885	Diskrete Strukture 1	32
WISN886	Diskrete Strukture 2	32
WISN887	Beginsels en Paradigmas: Suiwer Wiskunde	32
<b>Tweede Semester</b>		
WISK872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>180</b>

## N.7.6 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN NATUURWETENSKAP-ONDERWYS

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

### N.7.6.1 Kwalifikasiekode: 2CU N01: Kurrikulum N801P

Voornemende studente moet oor 'n toepaslike honneursgraad en die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) beskik.

Modulekode	Beskrywende naam	Kredietpunte
NWON871	Verhandeling	180
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>180</b>

## N.7.7 PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 203127**



### N.7.7.1

### Kurrikulum N865P in Risiko-analise

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Die kurrikulum bestaan uit 'n verhandeling en 'n vraestel oor onderwerpe wat ondersteunend is vir die navorsing wat gedoen word vir die verhandeling. Die studieleier saam met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur/sentrumdirekteur, besluit op die gepaste onderwerpe.

Modulekode	Beskrywende Naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
BWIN872	Verhandeling	132
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en direkteur van die Sentrum vir BWI EEN van die volgende modules:</b>		
BWIN611	Kwantitatiewe Risiko-analise I	16
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16
BWIN615	Finansiële Modelling I	16
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS	16
BWIN812	Prysing van Afgeleides B	24
BWIN813	Praktiese Data-ontginning	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel kredietrisiko	16
BWIN818	Voorpunt Risikovraagstukke	16
BWIA811	Ondernemingswye Risikobestuur I	16
<b>Tweede Semester</b>		
BWIN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
<b>Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en direkteur van die Sentrum vir BWI EEN van die volgende modules:</b>		
BWIN621	Kwantitatiewe Risiko-analise II	16
BWIN622	Prysing van Afgeleides A	16
BWIN623	Finansiële Ingenieurswese II	16
BWIN625	Finansiële Modelling II	16
BWIA821	Ondernemingswye Risikobestuur II	12
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>180</b>

## N.8 PROGRAM IN DIE SENTRUM VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

### N.8.1 PROGRAM: KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 203181**

Hierdie program vereis 'n Industrie-gerigte Navorsingsprojek wat in alle opsigte aan die vereistes van 'n skripsie moet voldoen.

#### N.8.1.1 Kurrikulum N809P: BWI (Kwantitatiewe Risikobestuur- Na Hons BSc N609P of N610P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word. Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
BWIA812	Ondernemingswye Risikobestuur I	24
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
	Keusemodule <sup>#</sup>	16
	Keusemodule <sup>#</sup>	16
<b>Tweede Semester</b>		
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
	Keusemodule <sup>#</sup>	12
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>180</b>

<sup>#</sup> Die keusemodule in die **eerste semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS RD	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16

<sup>#</sup> Die keusemodule in die **tweede semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIA821	Ondernemingswye Risikobestuur II	12
BWIB821	Data-ontginningstegniese	12

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

**Neem asseblief kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druiplul hul graad.**

## N.8.2 PROGRAM: FINANSIËLE WISKUNDE

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 203182

### N.8.2.1 Kurrikulum N810P: BWI (Finansiële Wiskunde - Na Hons BSc N611P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
BWIN812	Prysing van Afgeleides B	24
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
	Keusemodule <sup>#</sup>	16
	Keusemodule <sup>#</sup>	16
<b>Tweede Semester</b>		
BWIB821	Data-ontginningstegniese	12
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>180</b>

<sup>#</sup> Die keusemodule in die **eerste semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS RD	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

**Neem kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druij hul graad.**

### N.8.3 PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

(Met spesialisering in Bedryfsanalise)

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 203183**

#### N.8.3.1 Kurrikulum N811P: BWI Bedryfsanalise (Na Hons BSc N612P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
BWIB818	Bedryfsintelligensie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
<b>Tweede Semester</b>		
BWIB821	Data-ontginningstegnieke	12
BWIB822	Aktuele Vraagstukke in Bedryfsanalise	12
BWIB823	Multi-kriteria Besluitneming	12
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
<b>Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum</b>		<b>180</b>

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

**Neem kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druij hul graad.**

## N.9 PROGRAM IN DIE SENTRUM VIR RUIMTENAVORSING

### N.9.1 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN ASTROFISIESE WETENSKAPPE

SENTRUM: RUIMTENAVORSING

#### N.9.1.1 Kwalifikasiekode: 2CQ P01 : Kurrikulum N801P

Al die modules in die program wat hieronder beskryf word, word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. Die skooldirekteur, in oorleg met die navorsingsdirekteur, bepaal jaarliks watter van die modules in elke semester van die M-studie geneem kan word.

Die Capita Selecta-module kan een van die ander modules vervang en die inhoud daarvan moet in oorleg met die skooldirekteur en die navorsingsdirekteur gekies word.

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word hoofsaaklik in Engels aangebied.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste Semester</b>		
FSKS872	Verhandeling	132
<b>Student kies in oorleg met die navorsingsdirekteur TWEË van die volgende modules:</b>		
FSKM811	Astrofisika I	16
FSKM812	Transportteorie	16
FSKM813	Astrofisika II	16
FSKM814	Heliosferiese Fisika	16
FSKM815	Capita Selecta I*	16
<b>Tweede Semester</b>		
FSKS872	Verhandeling (vervolg)	
FSKM821	Algemene Relatiwiteit	16
<b>Totale aantal kredietpunte</b>		<b>180</b>

\* Kies in oorleg met die skooldirekteur **een** van die volgende: Ruimtefisika of Kernfisika of Vastetoestandfisika.

## N.9.2 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN ASTROFISIKA EN RUIMTEWETENSKAP

SENTRUM: RUIMTENAVORSING

### N.9.2.1 Kwalifikasiekode: 2CR P01: Kurrikulum N801P

Hierdie program word gevolg deur studente in die National Astrophysics and Space Science Programme (NASSP). Dit is saamgestel uit FSKS872 en gedoseerde modules. Die gedoseerde modules wat 60 kredietpunte verteenwoordig, word deur die NASSP-konsortium aangebied en geëksamineer en word gekies uit die lys hieronder. **Studente word slegs toegelaat om met die verhandeling te begin nadat die gedoseerde modules geslaag is.**

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word slegs in Engels aangebied.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Student kies in oorleg met die navorsingsdirekteur 60 krediete van die volgende modules:</b>		
FSKB874	Plasmafisika	12
FSKB875	Magnetohidrodinamika	12
FSKB891	Teoretiese Kosmologie	12
FSKB877	Kataklimiese Veranderlikes	12
FSKB878	Ekstragalaktiese Astronomie	12
FSKB879	Gevorderde Algemene Relatiwiteit	12
FSKB880	Hoë-energie Astrofisika en Pulsare	12
FSKB882	Sterstruktuur en -Evolusie	12
FSKB885	Geomagnetisme en Aeronomie	12
FSKB886	Berekeningsastrofisika	12
FSKB887	Radio Interferometrie	12
FSKB888	Tydsreeks en Data Analise	12
FSKB889	Ruimteweer	12
FSKB890	Waarnemingskosmologie	12
<b>Keusemodules</b>		<b>60</b>
<b>Verpligtend</b>		
FSKS872	Verhandeling	132
<b>Totale aantal krediete</b>		<b>192</b>

## **N.10 PROGRAM IN DIE FOKUSAREA CHEMIESE HULPBRON-VEREDELING**

### **N.10.1 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN CHEMIE**

FOKUSAREA: CHEMIESE HULPBRONVEREDELING

#### **N.10.1.1 Kwalifikasiekode: 2CN P01 : Kurrikulum N801P**

Daar is vyf navorsingsrigtings in hierdie navorsingsentiteit en 'n navorsingsonderwerp vir 'n MSc-verhandeling moet dus uit een van hierdie navorsingsrigtings gekies word. Die navorsingsrigtings is:

- a) Chroomtegnologie
- b) Katalise en Sintese
- c) Membraantegnologie
- d) Elektrochemie vir Energie en Omgewing
- e) Steenkoolchemie

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
CHEN872	Verhandeling	132
CHEN874*	Gevorderde Chemie*	48
<b>Krediet totaal vir die program</b>		<b>180</b>

\* Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur 'n onderwerp op die M-vlak uit die vak Chemie.

**N.11 PROGRAM IN DIE FOKUSEAREA VIR MENSLIKE METABOLOMIKA**

**N.11.1 PROGRAM: BIOCHEMIE**

SENTRUM: MENSLIKE METABOLOMIKA

**Kwalifikasiekode: 203132**

**N.11.1.1 Kurrikulum N869P: Biochemie**

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
BCHN872	Verhandeling	135
BCHN877*	Gevorderde Biochemie*	45
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

\* Voordrag en mondelinge eksaminering van die verhandeling en toepaslike studieveld.



## **N.12 PROGRAM IN DIE EENHEID VIR OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR**

### **N.12.1 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGSWETENSKAPPE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

#### **N.12.1.1 Kwalifikasiekode: 2CT N02 : Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Hierdie program kan slegs gevolg word indien die student reeds oor 'n toepaslike honneursgraad beskik.

Die onderwerp vir 'n MSc verhandeling moet in oorleg met die direkteure van die Skool en Navorsingseenheid, uit een van die volgende navorsingsrigtings gekies word:

- a) Klimaatsverandering, luggehalte en invloed
- a) Akwatiese ekosisteenwelstand
- b) Biodiversiteit en bewaringsekologie
- c) Ekologiese interaksies en ekostelsel veerkragtigheid
- d) Ruimtelike beplanning, ontwikkeling en implementering
- e) Omgewings geologie en grondkunde

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
OMWN871	Verhandeling	180
	<b>Krediet totaal vir die program</b>	<b>180</b>

NB: Vir verdere programme in die Navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en -Bestuur word lesers verwys na N.1.3

**N.12.2 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGSWETENSAPPE MET ATMOSFERIESE CHEMIE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.12.2.1 Kwalifikasiekode: 2CT N03 : Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Hierdie program s soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
CHEM871	Verhandeling	180
<b>Kredietotaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.12.3 PROGRAM : MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGSWETENSAPPE MET RAMPRIKOWETENSAP**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.12.3.1 Kwalifikasiekode: 2CT R07 : Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
DRRS871	Verhandeling	180
<b>Kredietotaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.12.4 PROGRAM : MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGSWETENSAPPE MET GE-INTEGREERDE PLAAGBESTUUR**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN –BESTUUR

**N.12.4.1 Kwalifikasiekode: 2CT R05: Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Hidrologie or Geohidrologie, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema, in die Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe is nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
IPMM871	Verhandeling	180
<b>Kredietotaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.12.5 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN DIERKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.12.5.1 Kwalifikasiekode: 2DD N01 : Kurrikulum N801P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Dierkunde, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
DRKN871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.12.6 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN GEOGRAFIE EN OMGEWINGSBESTUUR****NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR****N.12.6.1 Kwalifikasiekode: 2DG N01 : Kurrikulum N829P**

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Geografie en die bestuur van die omgewing, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema is nie.

**Spesialisvelde sluit in (maar is nie eksklusief nie):**

- Ruimtelike studies
- Omgewingsinvloedanalise en alle aspekte daarvan
- Omgewingsbestuur en alle aspekte daarvan
- Fisiese en menslike Geografie

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
GGFN871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.12.7 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN MIKROBIOLOGIE**  
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.12.7.1 Kwalifikasiekode: 2DE N01 : Kurrikulum N801P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit Mikrobiologie, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
MKBN871	Verhandeling	180
	<b>Krediet totaal vir die program</b>	<b>180</b>

**N.12.8 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN PLANTKUNDE**  
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.12.8.1 Kwalifikasiekode: 2DF N01 : Kurrikulum N801P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Plantkunde, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie..

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Kredietpunte</b>
PLKN871	Verhandeling	180
	<b>Krediet totaal vir die program</b>	<b>180</b>

**N.13 PROGRAM VIR SENTRUM VIR WATERWETENSKAPPE EN -BESTUUR**

**N.13.1 PROGRAM : MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGS- WETENSKAPPE MET HIDROLOGIE EN GEOHIDROLOGIE**

SENTRUM: WATERWETENSKAPPE EN –BESTUUR

**N.13.1.1 Kwalifikasiekode: 2CT R04 : Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Hidrologie of Geohidrologie, alhoewel die Sentrum die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema is nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
HDGH871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal vir die program</b>		<b>180</b>

**N.13.2 PROGRAM : MAGISTER SCIENTIAE IN OMGEWINGSWETENSKAPPE MET MYNHIDROLOGIE**

SENTRUM: WATERWETENSKAPPE EN –BESTUUR

**N.13.2.1 Kwalifikasiekode: 2CC R06 : Kurrikulum N801P (Voltyds en Deeltyds)**

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Mynbou Hidrologie, alhoewel die Sentrum die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema is nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
HDMG871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal vir die program</b>		<b>180</b>

## **N.14 EKSAMINERING**

### **N.14.1 EKSAMENS**

Die eksamengeleentede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

### **N.14.2 SAMESTELLING VAN DIE DEELNAMEPUNT**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

### **N.14.3 TOELATING TOT DIE EKSAMEN VIR MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF WORD**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

### **N.14.4 MODULEPUNT**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

### **N.14.5 SLAAGVEREISTES**

- a) Die bepalings van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

### **N.14.6 HERHALING VAN MODULES**

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël 4.4.6.2.

## **N.15 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN OMGEWINGS-BESTUUR**

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skoordirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

**NB: Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word slegs na-uurs en in Engels aangebied.**

### **N.15.1 INLEIDING**

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie M-graad vereis word in die Navorsingseenheid vir Omgewingswetenskappe en –Bestuur, verrig word.

### **N.15.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

### **N.15.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n honneurs baccalaureusgraad in Geografie en Omgewingsbestuur/-studie.

Indien die student nie aan die bepaling van N.4.3 voldoen nie, bepaal die skoordirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die Magister in Omgewingsbestuur toegelaat kan word.

Op grond van individuele meriete-beoordeling deur die Skoordirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, kan van 'n voornemende student verwag word om eers bepaalde kernmodules te slaag, voordat hy tot die Magister in Omgewingsbestuur toegelaat word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

#### **N.15.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skool-direkteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.15.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.** Volledige inligting oor die programme waarin daar vir hierdie graad navorsing gedoen kan word, is van die direkteur van die navorsingsentiteit verkrygbaar.

#### **N.15.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

'n Student wat hierdie graad voltooi het, kan toegelaat word tot PhD studie in 'n kernvak waarin daar voldoende kredietpunte verwerf is.

#### **N.15.7 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

##### **N.15.7.1 ALGEMENE UITTREEVLAKUITKOMSTE**

By die suksesvolle voltooiing van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om bewys te lewer dat hy oor die volgende vaardighede en bevoegdhede beskik:

- a) Korporatiewe omgewingsbestuur te kan toepas en 'n goeie begrip en kennis te besit van konsepte soos volhoubaarheid, omgewingsreg en die rol van plaaslike owerhede in omgewingsbestuur.
- b) Die vermoë om omgewingsbestuurstelsels te implementeer en omgewings standarde toe te pas.
- c) Om kundigheid t.o.v. omgewingsaudit, omgewingsinvloedbepalings, landskapevaluering en alle relevante omgewingsevaluering en analyses te kan uitvoer en toepas.
- d) Die vermoë om selfstandig navorsing te beplan, data te versamel, te verwerk, te analiseer en in 'n skripsie saam te vat.
- e) Die vermoë om nuwe kennis te ontsluit om op die voorpunt te bly van die nuutste tegnologie en eksperimentele metodes in omgewingswetenskappe.
- f) Die vermoë om die kennis en vaardighede opgedoen in hierdie studie sinvol toe te pas as entrepreneur of in 'n bepaalde werksituasie tot voordeel van die landseconomie en die mense aan te wend.



- g) Om as leier te kan optree in die plaaslike of breër gemeenskap.
- h) Oor die vermoë beskik om professioneel of algemeen te kommunikeer met die wetenskaplikes en die gemeenskap, hetsy mondeling of skriftelik met die gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning.

## **N.15.7.2 SPESIFIEKE UITTREEVLAKUITKOMSTE**

### **N.15.7.2.1 Kennis**

By voltooiing van die kwalifikasie sal die student oor kennis en vaardighede beskik om:

- a) Die konsep van omgewingsverslaggewing te verstaan en in staat wees om 'n "Toestand van die omgewing"-verslag projek te inisier.
- b) Die "bevel-en-beheer" en "medebestuur" strategieë in die wetgewing te verstaan en krities te valueer.
- c) Die verskillende omgewingsbestuur stelsels te verstaan en die vereistes van ISO 14001 ken en in staat wees om 'n omgewingbestuurstelsel gebaseer op ISO 14001 te implementeer.
- d) Die vereistes van 'n geïntegreerde bestuurstelsel gebaseer op ISO 14001, ISO 9000:2000 en OHSAS 18001 te verstaan.
- e) Omgewingsmonitering en prestasie-evaluasie te verstaan en te kan beplan.
- f) Die vereistes van ISO 19011 te ken en in staat wees om aan 'n omgewingsoudit deel te neem en die oudit proses te bestuur.
- g) Die begrip volhoubare ontwikkeling te verstaan en in staat wees om die beginsels van Agenda 21 toe te pas.
- h) Te verstaan hoe die regeringstrukture op die plaaslike, provinsiale en nasionale vlak opereer.
- i) Die wetlike vereistes van 'n omgewingsimpakstudie te verstaan.
- j) In staat wees om 'n basislyn studie te doen en om die siftingsproses suksesvol te bedryf.
- k) In staat wees om die proses vir die bepaling van beduidende impakte te verstaan en die verskillende moontlike prosesse te identifiseer en te beredeneer.
- l) Die publieke deelname proses suksesvol te bedryf.
- m) 'n Volledige omgewingsimpakverslag op te stel en sodanige verslag te evalueer.
- n) Die sosiale impakverslag proses te verstaan en te kan bestuur.
- o) Die strategiese en lewensiklusimpakverslag prosesse te verstaan en te kan bestuur.
- p) Die omgewingsrisiko-analise proses te verstaan en kan bestuur.

### **N.15.7.2.2 Vaardighede**

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie kursus sal studente in staat wees om die relevante gereedskap (instrumente) te gebruik om die volle P-D-C-A-R omgewingsbestuurslus effektief te bedryf. (Die P-D-C-A-R omgewingsbestuurslus verwys na die Denningsbestuursmodel soos van toepassing in omgewingsbestuur en die simbole se betekenis is soos volg: "Plan-Do-Check-Act-Report").

Die student sal verder in staat wees om:

- a) Die beplanning, insameling van data, analise, interpretering van data en verslagdoening daarvoor vir 'n skripsie, wat aan wetenskaplike standaarde voldoen, selfstandig te kan uitvoer.
- b) Op alle wyses, hetsy mondeling, skriftelik of visueel te kan kommunikeer.
- c) In multidissiplinêre groepe te kan funksioneer en verantwoordelike en effektiewe selfbestuur te kan toepas.
- d) 'n Eie denkraamwerk te kan verwoord in die skryf van verslae.

### **N.15.7.2.3    Waardes**

By die voltooiing van die graad sal die student bewys kan lewer dat hy/sy vertrouwd is met die volgende waardes:

- a) 'n Omgewings-, navorsings- en bewaringsetiek vanuit 'n gefundeerde perspektief.
- b) 'n Holistiese siening oor die aard, samestelling en funksionering van die omgewing.
- c) 'n Waardering vir die nasionaal- en internasionaal-gedeelde verantwoordelikheid en rentmeesterskap met betrekking tot die bestuur en bewaring van die omgewing en biodiversiteit.

Program: Magister in Omgewingsbestuur  
 NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN  
 -BESTUUR

**N.15.7.3 Kwalifikasiekode 2CD P01 : Kurrikulum N801P**

Programreëls

- a) Hierdie program word slegs deelyds en in **Engels** aangebied en strek oor 'n minimum van 2 jaar.
- b) Studente wat oor 'n toepaslike Honneursgraad (of ekwivalent) beskik kan na keuring in oorleg met die skool- en/of navorsingsdirekteur tot hierdie kurrikulum toegelaat word.
- c) Die sluitingsdatum vir aansoeke om tot hierdie program toegelaat te word, is die laaste dag van Oktober van die vorige jaar.

Die program bestaan uit die volgende spesialisasie keuses:

**A Magister in Omgewingsbestuur (Deelyds):**

**Kwalifikasiekode 2CD P01 : Kurrikulum N801P**

Modulekode	Beskrywende Naam	Kredietpunte
OMBO878	Omgewingsbestuur 2	40
OMBO879	Omgewingsevaluering 2	40
<b>Skripsie</b>		
OMBO873	Skripsie	100
<b>(Deelyds):Totaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

**B. Magister in Omgewingsbestuur met Spesialisering in Ekologiese Water Vereistes (Deelyds):**

**Kwalifikasiekode 2CD P02 : Kurrikulum N801P**

Modulekode	Beskrywende Naam	Kredietpunte
*OMBO880	Bestuur van ekologiese drywers in akwatiese sisteme	40
OMBO881	Bestuur van ekologiese komponente in akwatiese sisteme	40
<b>Skripsie</b>		
OMBO873	Skripsie	100
<b>Totaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>
* Voltooiing van OMBO880 is 'n voorvereiste vir toelating tot OMBO881		

**C. Magister in Omgewingsbestuur met Spesialisering in Afvalbestuur (Deelyds):**

**Kwalifikasiekode 2CD P03 : Kurrikulum N801P**

Modulekode	Beskrywende Naam	Kredietpunte
OMBO882	Geïntegreerde Afvalbestuur	40
OMBO883	Afvalbestuur: Wetgewing En Owerheidsbestuur	40
<b>Skripsie</b>		
OMBO873	Skripsie	100
<b>Totaal vir die program</b>		<b>180</b>

## Eksaminering

### **N.15.7.3.1 Eksamens**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

### **N.15.7.3.2 Samestelling van die deelnamepunt**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

### **N.15.7.3.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

### **N.15.7.3.4 Modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

### **N.15.7.3.5 Slaagvereistes**

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

### **N.15.7.3.6 Herhaling van modules**

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

## **N.16 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII**

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

**NB: Lesings vir gedoseerde magistermodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.**

### **N.16.1 INLEIDING**

Die MCom-graad is 'n graad wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe volg op 'n BCom-, Hons BCom-graad, of op 'n toepaslike BSc- of Hons BSc-graad.

Die navorsingskomponent van die kurrikulums vir hierdie graad, word binne die Navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika gedoen.

Die studie kan voltyds of deelyds geskied.

### **N.16.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

### **N.16.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n toepaslike baccalaureusgraad en/of 'n toepaslike honneurs baccalaureusgraad. Normaalweg word vir 'n MCom-graad in 'n spesifieke vakrigting (Rekenaarwetenskap, Statistiek of Wiskunde), die honneurs baccalaureusgraad in dieselfde vak vereis met die volgende toevoeging: 'n honneurs baccalaureusgraad in Wiskunde met 'n baccalaureusgraad waarin Statistiek tot op vlak 7 verwerf is, verleen toegang tot M-studie in Statistiek.

Indien die student nie aan die bepaling van N.5.3 voldoen nie, bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die MCom-studie toegelaat kan word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

### **N.16.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingseenheid in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skool-direkteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.16.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

#### **N.16.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHED**

Met die suksesvolle voltooiing van een van hierdie MCom.-kurrikulums kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die doktorsgraad, op NKR-vlak 10, in die kernvak waarin die kwalifikasie verwerf is.

Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kwalifikasie as geheel nagekom word.

Met die basiese, toepasbare en spesialis-vaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie in een van die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike dissiplines opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings.

Programspesifieke artikulasiemoontlikhede sal, waar van toepassing, by die programbeskrywings aangedui word.

#### **N.16.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE**

Die Algemene Reël 4.4.9 maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skooldirekteure, uitkomste bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

#### **N.16.8 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

Bo en behalwe die uittreevlakuitkomste en kritieke uitkomste soos in die algemene MSc-programbeskrywing beskryf (kyk N.4.8), sal die student ook oor die volgende spesifieke kennis en vaardighede beskik:

##### **N.16.8.1 Kennis**

- a) Kennis van die navorsingsmetodologie en -tegniek in een van die vakke wat gedemonstreer word deur die skryf van 'n navorsingsverslag of 'n verhandeling oor 'n gevorderde onderwerp.

- b) Kennis van twee of meer gevorderde onderwerpe uit een of meer van die vakke:
- *Rekenaarwetenskap*: Lineêre Programmering, databasisse, datapakhuisse, pseudo-intelligensie, besluitnemingsondersteuningstelsels, inligtingstelselengeniërsweese, rekenaarsekureit;
  - *Statistiek*: Gevorderde hersteekproefnemingsmetodes, statistiese modelle, meer veranderlike statistiek, waarskynlikheidsleer, stogastiese prosesse, oorlewingsteorie;
  - *Wiskunde*: Funksionaalanalise, operatorteorie, algebra, Riesz-ruimtes en Banach-roosters.

#### N.16.8.2

#### Vaardighede

Na suksesvolle voltooiing van die program sal die student kan demonstree dat hy/sy oor die volgende vaardighede, dit wil sê vermoëns, beskik.

- a) Die vermoë om probleme met rekenaar-/wiskundige/stogastiese inhoud uit die werklikheid te identifiseer, dit te formuleer in 'n vorm wat hom leen tot rekenaar-/wiskundige/statistiese hantering, dit aan te pak met die mees geskikte metode en die oplossing te kommunikeer.
- b) Die vermoë om nuwe tegnieke en teorieë aan te leer wat nodig is om 'n gestelde probleem op te los en om die wetenskaplike literatuur daarvoor te raadpleeg en te gebruik.
- c) Die vermoë om probleme van rekenaar-/wiskundige/stogastiese aard in 'n breë konteks te sien en in spanverband daaraan te werk.
- d) Die vermoë om abstrakte teorieë te begryp, aan te wend en te veralgemeen.
- e) Die vermoë om argumentasie logies te struktureer en samehangend te gebruik vir effektiewe vakkommunikasie tot voordeel van die breë samelewing in onderrig in Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels, Statistiek of Wiskunde tot op tersiêre vlak.
- f) Die vermoë om as selfstandige praktisyn in enigeen van die vakke op te tree en leiding te neem met standaard navorsingsprojekte binne sy/haar werkverband.
- g) Die vermoë om met nie-vakspesialiste te kommunikeer om sodoende die resultate van abstrakte teorieë toe te pas in die gemeenskap.
- h) Vaardigheid in die gebruik van toepaslike rekenaartegnologie en rekenaarpakette.
- i) Die vermoë om internasionaal met vakgenote op dieselfde vlak te kommunikeer.



**N.16.9 PROGRAM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 505138****N.16.9.1 Kurrikulum N870P: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels**

Hierdie kurrikulum word soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
<b>Eerste Semester</b>		
ITRN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
<b>Student kies in oorleg met die navorsingsdirekteur TWEE van die volgende modules:</b>		
ITRW876	Databasisse	32
ITRW877	Besluitsteunstelsels	32
ITRW878	Kunsmatige Intelligensie	32
ITRW883	Beeldverwerking	32
ITRW884	Inligtingstelsel ingenieurswese	32
ITRW885	Rekenaarsekuriteit	32
ITRW886	Datapakhuise	32
<b>Tweede Semester</b>		
ITRN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
<b>Totale aantal kredietpunte vir kurrikulum</b>		<b>180</b>

## **N.16.10 EKSAMINERING**

### **N.16.10.1 Eksamens**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

### **N.16.10.2 Samestelling van die deelnamepunt**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

### **N.16.10.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

### **N.16.10.4 Modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

### **N.16.10.5 Slaagvereistes**

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daarvoor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

### **N.16.10.6 Herhaling van modules**

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

## **N.17 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM ET SCIENTIAE (BEPLANNING)**

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk die Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

### **N.17.1 INLEIDING**

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie M-grad vereis word in die Navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en -Bestuur verrig word.

### **N.17.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

### **N.17.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n vierjarige baccalaureusgraad en/of 'n toepaslike honneurs baccalaureusgraad.

Indien die student nie aan die bepaling van N.6.3 voldoen nie bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkserfaring wat tot leer gelei het, tot die M Art et Scien-studie toegelaat kan word.

'n Student moet Afrikaans of Engels magtig wees.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

### **N.17.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.17.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

#### **N.17.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

Na verwerping van hierdie graad kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die PhD-graad in Stads- en Streekbeplanning.

#### **N.17.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE**

Die Algemene Reël 4.4.9 maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skooldirekteure, uitkomste bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

#### **N.17.8 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

By die voltooiing van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om bewys te lewer dat hy oor die volgende vaardighede en bevoegdhede beskik:

- a) Die vermoë om vakspesifieke en breë beplanningskennis en -vaardighede toe te pas om beplanningsvraagstukke aan te pak en probleme te identifiseer, analiseer en op te los.
- b) Die vermoë om selfstandig navorsing te beplan, data te versamel, te verwerk, te analiseer en te interpreteer en dit sinvol in 'n verhandeling op te skryf.
- c) Die vermoë om nuwe kennis te ontsluit om op die voorpunt te bly van die nuutste tegnologie en navorsingstegnieke in beplanning.
- d) Die vermoë om die kennis en vaardighede opgedoen in hierdie studie sinvol toe te pas as entrepreneur of in 'n bepaalde werksituasie tot voordeel van die landseksonomie en die mense aan te wend.
- e) Om as leier te kan optree in die plaaslike of breër gemeenskap.
- f) Oor die vermoë beskik om professioneel of algemeen te kommunikeer met wetenskaplikes en die gemeenskap, hetsy mondeling of skriftelik, deur die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning te gebruik.

#### **N.17.9 DOEL**

Die doel van hierdie program is om studente van spesialis kennis en gevorderde vaardighede te voorsien in navorsingsmetodologie, sodat die student as 'n spesialis kan aangaan in die veld van Beplanning met verdere leer op NKR-vlak 10.

'n Volledige verhandeling op grond van navorsing in een van die kernfokusse binne Stads- en Streekbeplanning sal onderneem moet word. Studieleiding sal intern verskaf word deur 'n Professionele Stads- en Streekbeplanner wat by SACPLAN geregistreer is. 'n Artikelopsie sal op meriete oorweeg word en slegs in uitsonderlike gevalle ondersteun word.

## **N.17.10 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN STADS- EN STREEKSBEPLANNING**

**NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN –BESTUUR**

**N.17.10.1 Kwalifikasiekode: 2DH N01 : Kurrikulum N801P**

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
SBEL871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal van program</b>		<b>180</b>

## **N.17.11 EKSAMINERING**

### **N.17.11.1 Eksamens**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

### **N.17.11.2 Samestelling van die deelnamepunt**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

### **N.17.11.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

### **N.17.11.4 Modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

### **N.17.11.5 Slaagvereistes**

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag

indien die gemiddelde punt, gewoog volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

**N.17.11.6**

**Herhaling van modules**

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël 4.4.6.2.

## **N.18 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN LANDBOU EKONOMIE**

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk die Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

### **N.18.1 INLEIDING**

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie M-graad vereis word in die Navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en -Bestuur verrig word.

### **N.18.2 DUUR VAN STUDIE**

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

### **N.18.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n toepaslike baccalaureusgraad en/of 'n toepaslike honneurs baccalaureusgraad.

Indien die student nie aan die bepaling van N.7.3 voldoen nie bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die M Art et Scien-studie toegelaat kan word. 'n Student moet Afrikaans of Engels magtig wees.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

### **N.18.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Om toegelaat te word tot hierdie kwalifikasie moet die kandidaat in besit wees van die BSc Agric Hons-graad (insluitend vakke wat betrekking het op landbou-ekonomie, dieregesondheid, veekunde, gewaswetenskap en landbouvoorligting) of 'n gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat. Toelating tot die studie is ook onderhewig aan die goedkeuring van die Skooldirekteur (MK) of Direkteur van die Navorsingseenheid (PK) en 'n nagraadse keurkomitee, en sodanige besluit sal gegrond wees op

'n Bevredigende studierekord en toepaslike kwalifikasie alreeds verwerf. Die Skooldirekteur (MK) of Direkteur van die Navorsingseenheid (PK) mag vereis dat bykomende vakke/modules eers voltooi word voor toelating tot die MScAgric.

#### **N.18.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

#### **N.18.6 ARTIKULASIE MOONTLIKHEDE**

Na verwerwing van hierdie graad kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die PhD-graad in Landbou-ekonomie.

#### **N.18.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE**

Die Algemene Reël 4.4.9 maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skooldirekteure, uitkomst bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

#### **N.18.8 UITREEVLAKUITKOMSTE**

Na voltooiing van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om:

- (a) 'n Omvattende en sistematiese kennisbasis te demonstreer in die spesifieke gebied van Diergesondheid / Veekunde / Agronomie en Gewaswetenskap / Landbou-ekonomie.
- (b) 'n Kritiese begrip te demonstreer van die teorie, navorsingsmetodologie en tegnieke wat betrekking het op die landbou en in staat wees om vir huidige navorsing inligting in te samel en krities te evalueer, en deel te neem aan akademiese debatte op hierdie bepaalde spesialisasiegebied.
- (c) Komplekse werklikheidsprobleme en kwessies rakende die landbou te identifiseer, te ontleed en daarmee te handel; om tersaaklike navorsingsmetodes, -tegnieke en tegnologie toe te pas, data te versamel, te interpreteer en onder toesig te evalueer, en die resultate van die navorsing in 'n verhandeling wat voldoen aan die standaarde van die fakulteite en die NWU aan spesialis- en nie-spesialisgehoere te kommunikeer.

#### **N.18.9 DOEL**

Die doel met hierdie program is om studente te voorsien van spesialiskennis en gevorderde vaardighede in navorsingsmetodologie wat elke student in staat behoort te stel om sy of haar werk voort te sit as 'n kundige op die gebied van die Landbouwetenskap op NKR-vlak 9. Die persoon wat kwalifiseer, moet deel kan uitmaak van 'n uitgelese groep meesters op die gebied van die landbouwetenskappe in die land. Studente sal nasionaal sowel as internasionaal toegang hê tot verdere studie in die landbouwetenskappe.



**N.18.10 PROGRAM: MAGISTER SCIENTIAE IN LANDBOU EKONOMIE**  
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

**N.18.10.1 Kwalifikasiekode: 2CG N01 : N.8.10.1 : Kurrikulum N801P:**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AECM871	Verhandeling	240
	<b>Kredietotaal van program</b>	<b>240</b>

**N.18.11 EKSAMINERING**

**N.18.11.1 Eksamens**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

**N.18.11.2 Samestelling van die deelnamepunt**

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

**N.18.11.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word**

- Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

**N.18.11.4 Modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

**N.18.11.5 Slaagvereistes**

- Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, gewoog volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

**N.18.11.6 Herhaling van modules**

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

## N.19

## REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR

Die PhD-graad is die doktorsgraad in die Fakulteit Natuurwetenskappe wat volg op 'n Magistergraad. Die studie kan voltyds of deelyds geskied.

Voornemende studente moet by die betrokke navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk die Algemene Reël 5.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

Nuweling PhD-studente moet voor of op 31 Maart van die jaar waarin hulle met die studie wil begin, registreer.

### N.19.1

### INLEIDING

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe in navorsingsentiteite bestuur. Die navorsingsentiteite hanteer die magister- en PhD-opleidings-kurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Tans is daar een sentrum vir uitnemendheid, naamlik die Sentrum van uitnemendheid in Ruimtenavorsing, twee navorsingseenhede, naamlik Bedryfswiskunde en Informatika, Omgewingswetenskappe en -Bestuur; een navorsingsfokusarea naamlik Chemiese Hulpbronveredeling en die Sentrum vir Menslike Metabolomika. Die vakgroep Natuurwetenskap-, Wiskunde en Tegnologie-onderwys is hoofsaaklik betrokke by die Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n PhD-proefskrif vereis word, dus binne 'n navorsingsentiteit verrig word. In die volgende tabel word die belangrikste verband tussen skole, sentra, vakgroepe en die ooreenstemmende navorsingsentiteit weergegee.

Skool/Sentrum	Vakgroep	Navorsingsentiteit
Skool vir Fisiese- en Chemiese Wetenskappe	Biochemie	Menslike Metabolomika
	Chemie	Chemiese Hulpbronveredeling
	Fisika	Ruimtenavorsing
Skool vir Biologiese Wetenskappe	Dierkunde Mikrobiologie Plantkunde	Omgewingswetenskap en -bestuur
Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe	Geografie en Omgewingsbestuur Geologie Stads- en Streekbeplanning	Omgewingswetenskap en -bestuur

<b>Skool/Sentrum</b>	<b>Vakgroep</b>	<b>Navorsingsentiteit</b>
Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels Statistiek Toegepaste Wiskunde Wiskunde	Bedryfswiskunde en Informatika
Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika	Aktuariële Wetenskap Data-ontginning (Hons BSc); Bedryfsanalise (MSc) Finansiële Wiskunde Kwantitatiewe Risikobestuur Risiko-analise	Bedryfswiskunde en Informatika
Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur	Hidrologie	Waterwetenskappe en -bestuur

Die PhD-kurrikulums wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word, word in hierdie Jaarboek ingedeel onder die navorsingsentiteit waarin die navorsingskomponent van die program sal ressorteer.

## **N.19.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie is twee jaar en die maksimum duur is vier jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 5.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

## **N.19.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER**

Die student beskik oor 'n toepaslike meestersgraad.

Indien die student nie hieraan voldoen nie, bepaal die dekaan, in oorleg met die fakulteitsbestuur en met kennisgewing aan die fakulteitsraad en senaat, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die PhD-studie toegelaat kan word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

## **N.19.4 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 5.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skool-direkteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur.

Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

#### **N.19.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die **Handleiding vir Nagraadse Studie. Voornemende studente moet hierdie handleiding deeglik raadpleeg.**

#### **N.19.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

- a) Krediet sal verleen word vir leer aan ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir die kurrikulum vir hierdie kwalifikasie in sy geheel nagekom word.
- b) Met die basiese, toepasbare en spesialis-vaardighede, sowel as navorsingsvaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie in een van die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike dissiplines opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings, nasionaal en internasionaal.

#### **N.19.7 UITTREEVLAKUITKOMSTE**

Die student in hierdie program sal die volgende spesifieke uitkomstebereik:

- Die student sal 'n *proefskrif van hoë tegniese gehalte* (met verwysing na taatgebruik, illustrasies, tabelle, grafiese voorstellings, ens.) skryf, wat sal demonstreer dat die student oor toegepaste bevoegdheid in toepasbare kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologie en wetenskaplike skryfkuns beskik, en in staat is om deur die integrering van bogenoemde vaardighede en op grond van deeglike ondersoek van bestaande kennis, soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur 'n relevante navorsingsprobleem te identifiseer in 'n natuurwetenskaplike of gesondheidswetenskaplike dissipline;
- die verlangde navorsing ter oplossing van die probleem uit te voer;
- die resultate wetenskaplik te evalueer in die konteks van die probleemstelling;
- die resultate wetenskaplik te kommunikeer.

Die student sal deur 'n *literatuurondersoek* demonstreer dat hy 'n deeglike en in-diepte kennis van verwante wetenskaplike literatuur het; die vermoë het om verskillende gesigspunte en teorieë op 'n wetenskaplike basis te interpreteer en te beredeneer; genoegsame resente en gepaste historiese primêre en sekundêre bronne in die spesialiteitsarea nageslaan het.

Die student sal deur *probleemidentifisering* bewys lewer dat hy 'n deeglike insig in die aard en doel van die navorsing het; die navorsingsonderwerp gepas op doktorsvlak kan omskryf.

Behalwe die literatuurondersoek, sal die student demonstreer dat die *navorsingsmetode* gepas is in die spesialiteitsgebied om die geïdentifiseerde probleem te hanteer, en dat die navorsingsmetode op 'n refleksiwewyse en verantwoordelike wyse gekies is.

Deur die wetenskaplike *evaluering van die resultate* en die *kommunikasie* daarvan, sal die student die volgende demonstreer:

- wetenskaplike verwerking van die inhoud van die proefskrif, met verwysing na die hantering van gepaste kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsingsmetodes en/of tegnieke soos modellering, wiskundige bewystegnieke, eksperimentering, waarneming, sistematisering, interpretering, begroning van wetenskaplike uitsprake, ens., soos dit betrekking het op die probleem wat ondersoek word;
- die vermoë om duidelik te formuleer; die vermoë om 'n logiese struktuur aan te bied; 'n kritiese benadering en eie insig;
- die formulering van wetenskaplik geregverdigde aanbevelings.

**Saamgevat:**

Studente sal hul vermoë moet demonstreer om 'n bepaalde bydrae te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis en vaardighede in die veld van spesialisasie deur bewys te lewer van beheersde kennis van die teorie en beginsels van die veld; die integrering van teorie en praktyk in die veld; kritiese analise van bestaande kennis in die veld; die uitvoering van navorsing volgens die aanvaarde metodologie in die veld; die ontleding en interpretasie van navorsingsdata en resultate; die rapportering van hul navorsingsresultate in 'n wetenskaplik aanvaarde formaat.

Die uitkomst soos beskryf by die meestersgrade word in hierdie program verder verfynd en finaal afgerond.

**N.20 PROGRAMME IN DIE EENHEID VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA**

**N.20.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN REKENAAR- EN INLIGTINGSWETENSKAPPE MET REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.20.1.1 Kwalifikasiekode 2CB R02: Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
ITRW971	Proefskrif	360

**N.20.2 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET STATISTIEK**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.20.2.1 Kwalifikasiekode: 2CC R20 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
STTK971	Proefskrif	360

**N.20.3 PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 204139**

**N.20.3.1 Kurrikulum N903P: Toegepaste Wiskunde**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
TGWS971	Proefskrif	360

**N.20.4 PROGRAM: WISKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**Kwalifikasiekode: 204140**

**N.20.4.1 Kurrikulum N904P: Wiskunde**

Hierdie program urrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
WISK971	Proefskrif	360

**N.20.5 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET NATUURWETENSKAPONDERWYS**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.20.5.1 Kwalifikasiekode: 2CC R09 : Kurrikulum N901P**

Voornemende studente moet oor 'n toepaslike meestersgraad en die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) beskik.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
NWON971	Proefskrif	360

**N.21 PROGRAMME: SENTRUM VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA**

**N.21.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET BEDRYFSWISKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.21.1.1 Kwalifikasiekode: 2CC R01 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIN971	Proefskrif	360

**N.21.2 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET RISIKO-ANALISE**

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

**N.21.2.1 Kwalifikasiekode: 2CC R15 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIR971	Proefskrif	360

## **N.22 PROGRAM: SENTRUM VIR RUIMTENAVORSING**

### **N.22.1 PROGRAM: RUIMTEFISIKA**

NAVORSINGSEENHEID: SENTRUM VIR RUIMTENAVORSING

**Kwalifikasiekode: 204112**

Daar is slegs een kurrikulum in hierdie program. 'n Onderwerp vir 'n proefskrif kan uit een van die volgende navorsingsrigtings gekies word:

- a) Gammastral-astronomie
- b) Optiese astronomie
- c) Fisika van Kosmiese Strale
- d) Heliosferiese Fisika
- e) Eksperimentele/tegniese werk op neutronmonitors as detektore van kosmiese strale, en die analise van hulle data.
- f) Tegnologiese innovasie-studies gebaseer op Astro-tegnologie

#### **N.22.1.1 Kurrikulum N906P: Fisika**

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
FSKN971	Proefskrif	360



**N.23 PROGRAM IN FOKUSAREA VIR CHEMIESE HULPBRONVEREDELING**

**N.23.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET CHEMIE**

FOKUSAREA: CHEMIESE HULPBRONVEREDELING

**N.23.1.1 Kwalifikasiekode: 2CC R11 : Kurrikulum N901P**

Daar is vyf navorsingsrigtings in hierdie navorsingsentiteit en 'n navorsingsonderwerp vir 'n PhD-proefskrif moet dus uit een van hierdie navorsingsrigtings gekies word. Die navorsingsrigtings is:

- a) Chroomtegnologie
- b) Katalise en Sintese
- c) Membraantegnologie
- d) Elektrochemie vir Energie en Omgewing
- e) Steenkoolchemie

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
CHEN971	Proefskrif	360

**N.24           PROGRAMME           IN           DIE           EENHEID           VIR  
OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR**

**N.24.1       PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET  
OMGEWINGSWETENSAPPE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN  
-BESTUUR

**N.24.1.1   Kwalifikasiekode: 2CC R04 : Kurrikulum N901P**

- a) Klimaatsverandering, luggehalte en invloed
- b) Akwatiese ekosisteenwelstand
- c) Biodiversiteit en bewaringsekologie
- d) Ekologiese interaksies en ekostelsel veerkragtigheid
- e) Ruimtelike beplanning, ontwikkeling en implementering
- f) Omgewings geologie en grondkunde

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
OMWN971	Proefskrif	360

**N.24.2       PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET  
ATMOSFERIESE CHEMIE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN  
-BESTUUR

**N.24.2.1   Kwalifikasiekode: 2CC R05 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
CHEM971	Proefskrif	360

**N.24.3 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET RAMPRISIKOWETENSKAP**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN  
-BESTUUR

**N.24.3.1 Kwalifikasiekode: 2CC R14 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
DRRS971	Proefskrif	360

**N.24.4 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET DIERKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN  
-BESTUUR

**N.24.4.1 Kwalifikasiekode: 2CC R18 : Kurrikulum N901P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Dierkunde, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel: is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
DRKN971	Proefskrif	360

**N.24.5 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET GEOGRAFIE EN OMGEWINGS-BESTUUR**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN

-BESTUUR

**N.24.5.1 Kwalifikasiekode: 2CC R19 : Kurrikulum N901P**

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Geografie en die bestuur van die omgewing, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema is nie.

Spesialisvelde sluit in (maar is nie eksklusief nie):

- a) Ruimtelike studies
- b) Omgewingsinvloedanalise en alle aspekte daarvan
- c) Omgewingsbestuur en alle aspekte daarvan
- d) Fisiese en menslike Geografie

Hierdie program is soos volg saamgestel: is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
GGFN971	Proefskrif	360

**N.24.6 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN MIKROBIOLOGIE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN

-BESTUUR

**N.24.6.1 Kwalifikasiekod: 2CC R17 Kurrikulum N901P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit Mikrobiologie, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie.

Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
MKBN971	Proefskrif	360

**N.24.7 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET PLANTKUNDE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

**N.24.7.1 Kwifikasiekode: 2CC R16 : Kurrikulum N901P**

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Plantkunde, alhoewel die Eenheid die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar, in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit bestaan nie

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PLKN971	Proefskrif	360

**N.24.8 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET STADS- EN STREEKSBEPLANNING**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWET. EN -BESTUUR

**N.24.8.1 Kwifikasiekode: 2CC R07 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
SBEL971	Proefskrif	360

**Doel**

Die doel van die program is om aan 'n student wat reeds oor 'n erkende magistergraad in Stads- en Streekbeplanning beskik, in staat te stel om by wyse van 'n doktrale proefskrif bewys te lewer dat hy/sy 'n definitiewe wetenskaplike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van nuwe kennis en/of toepasbare vaardighede binne die vakgebied.

'n Verdere doel van die program is om Suid-Afrika te voorsien van wetenskaplike navorsers wat oor breë teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede in Beplanning beskik, om bydrae te lewer tot die verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennisgebaseerde omgewingswetenskaplikes in die land.

'n Artikelopsie sal slegs op meriete oorweeg word, in welke geval die regulasies van die Fakulteit Natuurwetenskappe sal geld. 'n Volledige proefskrif op grond van oorspronklike navorsing in een van die kernfokusse binne Stads- en Streekbeplanning sal onderneem moet word, met 'n spesifieke bydrae tot die ontsluiting van nuwe vakkennis binne die vakgebied van Stads- en Streekbeplanning. Studieleiding sal intern verskaf word deur 'n Professionele Stads- en Streekbeplanner, wat by SACPLAN geregistreer is.

**N.24.9 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN LANDBOU MET LANDBOU-EKONOMIE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWET. EN -BESTUUR

**N.24.9.1****Kwalifikasiekode: 2EA R03: Kurrikulum N901P**

Om vir toelating tot PhD-studie te kwalifiseer moet 'n student 'n MAgric of MSc Agric of MA-graad hê.

By die Potchefstroomkampus moet kandidate op die voorgeskrewe vorm by die Direkteur van die Navorsingseenheid aansoek doen om toelating tot PhD-studie.

Landbou-ekonomie. Hierdie program is soos volg saamgestel:

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
AECM971	Proefskrif	360

**N.25 PROGRAM: FOKUSAREA MENSLIKE METABOLOMIKA**

**N.25.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET BIOCHEMIE**

FOKUS AREA: MENSLIKE METABOLOMIKA

**N.25.1.1 Kwalifikasiekode: 2CC R08 : Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BCHN971	Proefskrif	360

**N.26 PROGRAM: SENTRUM VIR WATERWETENSKAPPE EN - BESTUUR**

**N.26.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN WETENSKAP MET HIDROLOGIE EN GEOHIDROLOGIE**

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

**N.26.1.1 Kwalifikasiekode: 2CC R06: Kurrikulum N901P**

Hierdie program is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HDGH971	Proefskrif	360

**N.27 EKSAMENS**

**N.27.1 EKSAMINERING**

- a) Die eksamen vir die doktorsgraad geskied volgens die voorskrifte van die Algemene Reël 5.4.
- b) Die aantal kere wat 'n student vir 'n eksamen kan aanmeld en die herhaling van modules geskied volgens die bepalings van die Algemene Reël 5.4.6.

**N.27.2 SLAAGVEREISTES**

Die slaag van modules en 'n kurrikulum geskied in ooreenstemming met die Algemene Reël 5.4.4 en 5.4.9.

## N.28 MODULELYS

<b>HONNEURS</b>			
<b>Modulekode Honneurs</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
BCHN611	Analitiese Biochemie	24	8
BCHN612	Gevorderde metabolisme	24	8
BCHN621	Gevorderde Molekulêre Biologie	24	8
BCHN622	Bioënergetika	24	8
BCHN671	Biochemie Navorsingsprojek	32	8
BWIA671	Aktuariële risikobestuur (A301/CA1)	80	8
BWIB611	Statistiese leer I	16	8
BWIB612	Inleiding tot bedryfsintelligensie	12	8
BWIB613	Probleemoplossing dmv Simulasie	12	8
BWIB621	Statistiese leer II	16	8
BWIB622	Bedryfsgerigte Voorspellingstegnieke	16	8
BWIN611	Kwantitatiewe Risiko-analise I	16	8
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16	8
BWIN614	Beleggingsteorie I	16	8
BWIN615	Finansiële Modelling I	16	8
BWIN621	Kwantitatiewe Risiko-analise 11	16	8
BWIN622	Prying van Afgeleides A	16	8
BWIN623	Finansiële Ingenieurswese II	16	8
BWIN625	Finansiële Modelling II	16	8
BWIR622	Navorsingsmodule: Finansiële Ingenieurswese en Prying van Afgeleides	32	8
BWIR671	Navorsingsmodule: Finansiële Ingenieurswese en Finansiële Modelling	32	8
BWIR672	Navorsingsmodule: Finansiële Modelling	32	8
CHEN611	Gevorderde organiese chemie	16	8
CHEN612	Gevorderde fisiese chemie	16	8
CHEN613	Gevorderde anorganiese chemie	16	8
CHEN614	Molekuulmodellering	8	8
CHEN671	Projek	48	8



<b>Modulekode Honneurs</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
CHEM621	Homogene katalise	8	8
CHEM622	Steenkoolchemie	8	8
CHEM623	Membraanwetenskap -en tegnologie	8	8
CHEM621	Polimeerchemie	8	8
CHEM622	Gevorderde struktuuropklaring	8	8
CHEM623	Omgewingschemie	8	8
CHEM624	Tegnieke vir organiese sintese	8	8
CHEM626	Elektrochemie	8	8
ECON623	Risikobestuur	16	8
FSKH611	Klassieke Meganika	16	8
FSKH612	Kwantum Meganika I	16	8
FSKH613	Elektrodinamika	16	8
FSKH614	Plasmafisika	16	8
FSKH671	Projek I	8	8
FSKH621	Kwantum Meganika II	16	8
FSKH622	Statistiese Meganika	16	8
FSKH623	Rekenaarfisika (Navorsing)	16	8
FSKH672	Projek II	8	8
GGFS671	Inleiding tot Aardwaarneming	20	8
GGFS672	Lugbesoedeling	20	8
ITRI611	Datapakhuise I	12	8
ITRI612	Lineêre Programmering I	12	8
ITRI613	Databasisse I	12	8
ITRI614	Inligtingstelsel ingenieurswese I	12	8
ITRI615	Rekenaarsekuriteit I	12	8
ITRI616	Kunsmatige Intelligensie I	12	8
ITRI617	Beeldverwerking I	12	8
ITRI618	Besluitsteunstelsels I	12	8
ITRI621	Datapakhuise II	12	8
ITRI622	Lineêre Programmering II	12	8
ITRI623	Databasisse II	12	8

<b>Modulekode Honneurs</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
ITRI624	Inligtingstelsel ingenieurswese II	12	8
ITRI625	Rekenaarsekuriteit II	12	8
ITRI626	Kunsmatige Intelligensie II	12	8
ITRI627	Beeldverwerking II	12	8
ITRI628	Besluitsteunstelsels II	12	8
ITRI671	Projek	32	8
OMBE622	Toegepaste Hidrologie	16	8
OMBE623	Grondwater Geologie	16	8
OMBE624	Geohidrologie	16	8
OMBE625	Inleiding tot hidrologie en Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur		
OMBE673	Navorsingsprojek	40	8
OMBO611	Inleiding tot Omgewingsbestuur	16	8
OMBO613	Inleiding tot GIS	16	8
OMBO614	GIS Toepassings	16	8
OMBO678	Omgewingsbestuur I	20	8
OMBO679	Omgewingsanalise I	20	8
OMBO681	Omgewingsevaluering		
OMBW611	Grondbeginsels van Afvalbestuur	20	8
OMBW612	Afvalbestuur: Wetgewing en Owerheidsbestuur	16	8
OMBW621	Nuwe Afvalbestuursoplossings	16	8
OMSA622	Onkruid: interaksies en beheer	16	8
OMSA623	Plantpatologie	16	8
OMSB611	Bewaringsekologie	16	8
OMSB612	Sistematiek in praktyk	16	8
OMSB621 word OMSB629	Genoomanalise en Bio-informatika	16	8
OMSB624 word OMSB613	Biodiversiteitsbeplanning	16	8
OMSB625 word OMSB614	Biomonitoring en Risiko-analise	16	8
OMSB627	Herpetologie in Praktyk	16	8
OMSB628	Koraalrifekologie	16	8
OMSE611	Omgewingsgrondwetenskap (word slegs voltyds aangebied, GDKN122, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	16	8
OMSE612	Inleiding tot Landkapsekologie	16	8

OMSE621	Restourasie van gedegradeerde ekostelsels	16	8
OMSE622	Stedelike ekologie	16	8
OMSE623	Plantekofisiologie en stresfisiologie	16	8
<b>Modulekode Honneurs</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
OMSE625	Gevorderde ekotoksikologie	16	8
OMSE626	Mikrobiese ekologie	16	8
OMSE674	Navorsingsprojek	32	8
OMSG611	Omgewingsgeochemie (word slegs voltyds aangebied, GLGN122 en GLGN311 is voorvereistes vir hierdie module)	16	8
OMSG621	Omgewingsmineralogie (GLGN122 en GLGN311 is voorvereistes vir hierdie module)	16	8
OMSG622	Toegepaste omgewingsgeologie (GLGN112, GLGN221 en GLGN321 is voorvereiste vir hierdie module)	16	8
OMSP611	Beginsels van geïntegreerde plaagbestuur	16	8
OMSP622	GM-gewasse en geïntegreerde plaagbestuur	16	8
OMSP623	Nematode en gewasse	16	8
OMSP624	Arthropoda/plant-interaksies	16	8
OMSW611	Akwatiese ekosisteme: besoedeling en ekotoksikologie	16	8
OMSW622	Fikologie	16	8
OMSW624	Omgewingshidrologie	16	8
OMSW625	Limnologie	16	8
OMSW626	Dierkekologie	16	8
OMWE611	Rehabilitasie van versteurde gebiede (word slegs voltyds aangebied, GDKN121, GDKN211 en GDKN221 is voorvereistes vir hierdie module)	16	8
OMWP611	Plaagfenologie en skadesimptome	16	8
OMWP613	Ekonomiese skade en drempelwaardes	16	8

<b>Modulekode Honneurs</b>		<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
OMWW611	Fisies-chemies en biologiese eienskappe van binnelandse waters	16	8
OMWW614 word OMWW617	Soönoses	16	8
OMWW616	Estuariene en naby-kuslyn mariene- ekologie	16	8
OMWW629 word OMWW621	Gevorderde afvalw aterbehandeling	16	8
STTN611	Projek I: Navorsingsprojek (praktykgerig)	16	8
STTN612	Statistiese Data-analise I: Modelle	12	8
STTN613	Hersteekproefneming	12	8
STTN614	Statistiese Inferensie	12	8
STTN615	Stogastiese prosesse I	12	8
STTN616	Nieparametriese beramingsmetodes	12	8
STTN617	Wiskundig- en Rekenaarintensiewe metodes I	12	8
STTN618	Finansieelgedrewe Statistiek I	12	8
STTN621	Navorsingsprojek (navorsingsjoernaalgerig)	16	8
STTN622	Statistiese Data-analise II: Tydreekse	12	8
STTN623	Meerveranderlike Statistiek	12	8
STTN624	Diskrete Data-analise	12	8
STTN625	Stogastiese prosesse II	12	8
STTN626	Waarskynlikheidsleer	12	8
STTN627	Wiskundig- en Rekenaarintensiewe Metodes II	12	8
STTN628	Finansieelgedrewe statistiek II	12	8
TGWN612	Numeriese Analise I	12	8
TGWN613	Parsiële Differensiaalvergelykings I	12	8
TGWN614	Finansiële Wiskunde Modelling I	12	8
TGWN615	Modelling I	12	8
TGWN616	Beheerteorie I	12	8
TGWN617	Vloeistofdinamika I	12	8

<b>Modulekode Honneurs</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
TGWN622	Numeriese Analise II	12	8
TGWN623	Parsiële Differensiaalvergelykings II	12	8
TGWN624	Finansiële Wiskunde Modelling II	12	8
TGWN625	Modelling II	12	8
TGWN626	Beheerteorie II	12	8
TGWN627	Vloeistofdinamika II	12	8
TGWN671	Projek	32	8
<b>WISK613</b>			
WISK613	Topologie van metriese en normeerde ruimtes	8	8
WISK615	Differensiaalvergelykings	16	8
WISN612	Abstrakte Algebra I	12	8
WISN613	Komplekse Funksieteorie	12	8
WISN614	Maat- en Integrasieteorie I	12	8
WISN615	Funksionaalanalise I	12	8
WISN616	Grondslae van Wiskunde	12	8
WISN622	Abstrakte Algebra II	12	8
WISN623	Fourier/Harmoniese Analise	12	8
WISN624	Maat- en Integrasieteorie II	12	8
WISN625	Funksionaalanalise II	12	8
WISN626	Evolusie van Wiskundige Ideeë	12	8
WISN627	Matriksanalise	12	8
WISN628	Topologie	12	8
WISN671	Projek	32	8
<b>MAGISTER</b>			
<b>Modulekode Magister</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR- vlak</b>
BCHN872	Verhandeling	135	9
BCHN877	Gevorderde Biochemie	45	9
BWIA811	Ondernemingswye Risikobestuur I	16	9
BWIA812	Ondernemingswye Risikobestuur I	24	9
BWIA821	Ondernemingswye Risikobestuur II	12	9
BWIB818	Bedryfsintelligensie	16	9
BWIB821	Data-ontginningstegnieke	12	9
BWIB822	Aktuele Vraagstukke in Bedryfsanalise	12	9
BWIB823	Multi-kriteria Besluitneming	12	9
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS	16	9
BWIN812	Prysing van Afgeleides B	24	9
BWIN813	Praktiese Data-ontginning	16	9

BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32	9
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16	9
BWIN817	Kleinhandel kredietrisiko	16	9
BWIN818	Voorpunt Risikovraagstukke	16	9
BWIR826	Industrie-gerigte navorsingsprojek	80	9
BWIN872	Verhandeling	132	9
CHEM871	Verhandeling	180	9
CHEN872	Verhandeling	132	9
CHEN874	Gevorderde Chemie	48	9
DRKN871	Verhandeling	180	9
DRRS871	Verhandeling	180	9
ECOM871	Verhandeling	240	9
FSKB874	Plasmafisika	12	9
FSKB875	Magnetohidrodinamika	12	9
<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>	<b>NKR-vlak</b>
<b>Magister</b>			
FSKB877	Kataklismiese veranderlikes	12	9
<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitgebreide en sistematiese kennis en kritiese begrip te demonstree van die natuurlike en antropogenetiese oorsake van landskapsdegradasie met inbegrip van grond, oppervlakwater en grondwater, die interaksie tussen verskillende omgewings en materiaal-attribute ten opsigte van rehabilitasie en remediërings tegnieke en rehabilitasie en remediërings tegnieke met die doel om die versteurde landskappe tot so 'n mate te herstel dat volhoubare grondgebruik en landgebruik weer toegepas kan word.</li> <li>Komplekse faktore en prosesse wat bydrae tot degradasie kan karakteriseer, analiseer en evalueer en rehabilitasie en remediërings tegnieke kan toepas om probleme op te los;</li> <li>Relevante data van besoedelingsprobleme geassosieer met grond, geologie, metallurgiese prosesse en ander antropologiese aktiwiteite te versamel, analiseer en verwerk;</li> <li>Veldopnames te kan doen en die nodige karteringstegnieke bemeester;</li> <li>Relevante literatuursoektogte as individu en/of lid van 'n groep kan loods en resultate in</li> </ul>		



wetenskaplike skriftelike verslae en mondelinge voordragte kan weergee aan die hand van gepaste tegnologie.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering van kennis in die form van werksopdragte wat individueel of groepverband uitgewerk word. Summatiewe assessering deur formele eksamen aan einde van module.		
<b>Skool: Biologiese Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Dierkunde</b>
<b>Modulekode: OMWP611</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Plaagfenologie en skadesimptome</b>		
Na voltooiing van die module, sal die student die volgende kan demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• toegepaste kennis van plaagfenologie en skadesimptome, en begrip van navorsingsmetodologie, metodes en tegnieke om veelvuldige bronne van kennis te ondersoek en kennis rakende entomologie, plantpatologie, nematologie en akarologie te evalueer, en begrip te toon van hoe om hierdie kennis binne spesifieke konteks te gebruik.</li> <li>• begrip van die kompleksiteit wat verband hou met die selekteer en toepas van toepaslike prosesse en tegnieke om probleme op te los in die veld van entomologie, plantpatologie, nematologie en akarologie.</li> <li>• die vermoë om gespesialiseerde vaardighede te benut om plaagprobleme te analiseer en aan te spreek deur sistematies gebruik te maak van kennis en metodes wat toepaslik is in die velde van entomologie, plantpatologie, nematologie en akarologie.</li> <li>• die vermoë om inligting te versamel en krities te evalueer, en om prosesse in die veld van entomologie, plantpatologie, nematologie en akarologie te evalueer.</li> <li>• die vermoë om akademiese en professionele inligting en idees doeltreffend aan n wye reeks gehore aan te bied, kreatiewe insig te bied, en na deeglike vertolking van inligting, met oplossings na vore te kom vir plaagprobleme (insekte, myte, nematode en fungi) en die skade wat dit veroorsaak.</li> <li>• vermoë om op kritiese wyse, leerstrategie toe te pas wat eie voortdurende en professionele leerbehoefes in die velde van entomologie, plantpatologie, nematologie en akarologie aanspreek.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds		
Assesseringsmetodes: Voordragte, geskrewe opdragte, insekversameling en eksamen		
<b>Skool: Biologiese Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Dierkunde</b>
<b>Modulekode: OMWP613</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Ekonomiese skade en drempelwaardes</b>		
Na voltooiing van die module, sal die student die volgende kan demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis van gasheerplantweerstand en biologiese-, kulturele- en chemiese beheer asook kritiese begrip van die beginsels van geïntegreerde plaagbestuur.</li> <li>• begrip van die impak van plaagbestuursmaatreëls in komplekse landboustelsels.</li> <li>• die vermoë om verskillende en toepaslike plaagbestuurstrategieë te selekteer, te evalueer en toe te pas om sodoende probleme wat in die veld van plaagbestuur voorkom, op te los.</li> <li>• bewustheid van die omvang en kompleksiteit van etiese en waardesisteme van beide die omgewings- en menslike perspektief met betrekking tot plaagbestuursbesluitneming.</li> <li>• die vermoë om teoriegedrewe argumente te voer om komplekse uitdagings in die veld van geïntegreerde plaagbestuur op te los.</li> <li>• die vermoë om inligting te produseer en hierdie inligting asook akademiese beginsels rakende geïntegreerde plaagbestuur aan belangegroep te kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds		
Assesseringsmetodes: Voordragte, geskrewe werkopdragte en eksamen		
<b>Skool: Biologiese Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Dierkunde/ Plantkunde</b>

<b>Modulekode: OMWW611</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Fisies-chemies en biologiese eienskappe van binnelandse waters</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By voltooiing van die module, moet die student demonstreeer dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>kennis dra van die interaksies tussen waterkwaliteitveranderlikes en die struktuur van akwatiese gemeenskappe op alle trofiese vlakke.</li> <li>kennis dra van die bestuursmatige ingrepe om antropogeniese impakte op die kwaliteit van binnelandse water om te keer.</li> <li>data in verband met die riglyne kan interpreteer en oor die vermoë beskik om toepaslike aksies en reaksies te bepaal.</li> <li>die bestaande waterkwaliteitvlakke kan bepaal gebaseer op bekende of voorafbepaalde parameters.</li> <li>data onafhanklik kan assesser en interpreteer sonder eksterne beïnvloeding of druk.</li> <li>data kan sintetiseer en inligting vanuit diverse bronne oor bestuursaksies kan evalueer en waterkwaliteit in ekosistels assesser en remedieer.</li> <li>oor die vermoë beskik om tussen toepaslike inligtingbronne te onderskei.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds en deelyds</p> <p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Deurlopende evalueringstoetse oor die voorafgaande teorie. Kort werkopdragte wat individueel uitgewerk en bepunt word.</p> <p>Tutoriale waar studente as individu en in groepsverband probleme oplos en werkopdragte doen.</p> <p>Een eksamen aan die einde van die module.</p>		
<b>Skool: Biologiese Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Dierkunde</b>	
<b>Modulekode: OMWW614 word OMWW 617</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Modulekode: OMWW614 word OMWW 617</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die epidemiologie van verskillende tipes soönotiese siektes te kan begryp.</li> <li>op grond van kennis, te kan onderskei tussen voedsel-, vektor- en watergedraagde siektes.</li> <li>die mediese, veeartsenykundige en ekonomiese belang van soönotiese siektes te verstaan.</li> <li>die soönotiese patogeengenetika en immunologiese response van die gasheer te begryp.</li> <li>die verskillende diagnostiese tegnieke om soönotiese siektes te begryp en toe te pas.</li> <li>met die gemeenskap en belangegroep te kommunikeer en van advies te bedien rakende voorkomende en beheermaatreëls tydens die uitbreek van siektes.</li> <li>moreel verantwoordbaar en eties korrek op te tree in die geval van 'n soönotiese uitbraak.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds of en deelyds op voorwaarde dat studente die praktika bywoon.</p> <p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Werkopdragte, voordragte en geskrewe eksamen.</p>		
<b>Skool: Biologiese Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Dierkunde</b>	
<b>Modulekode: OMWW616</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Estuariene en naby-kuslyn mariene-ekologie</b>		
Module-uitkomst:		

Aan die einde van die module moet die student in staat wees om:

- Geïntegreerde kennis van- en verbintenis met getyrvier en mariene ekologie hê, en 'n kritiese verstandhouding en toepassing van ekologiese beginsels wat relevant tot getyrvier en mariene ekologie toon.
- Die vermoë ontwikkel om veelvuldige bronne van kennis (intergety en getyrvier ekologie) krities te ondervra en die kennis en die manier waarop dit gegeneer is krities te evalueer met die oog daarop om die verwantskap tussen die biofisiese habitat en interaksie met organismes te verstaan.
- Die vermoë het om die mees geskikte waarnemings en moniteringstegnieke te selekteer en toe te pas met die doel om die ekologiese verwantskappe in intergety en getyrvierekosisteme te bepaal. Om verder die effektiwiteit van die implementering van bg. tegnieke krities te evalueer.
- Onder toesig navorsingsvaardighede te ontwikkel deur die geskikste moniteringsontwerp te selekteer en dit toe te pas in die Tsitsikamma intergety streek en getyrvier en daardeur effektief 'n navorsingsplan, verslagdoening oor die resultate en die samevatting van resultate in 'n aanvaarbare akademiese formaat, nl. praktiese verslag, te bewerkstellig.
- Die vermoë besit om etiese kwessies te identifiseer en aan te spreek deur krities oor die toepaslikheid van die etiese waardesisteme in die velde van getyrvier en mariene ekologie en die bestuur daarvan te reflekteer en om vir eie werk, leer, besluitneming en gebruik van hulpbronne verantwoordelikheid te neem.
- Die vermoë om komplekse vraagstukke wat met die mens se invloed op mariene en getyrvier ekosisteme verband hou te identifiseer, af te baken, te analiseer krities te reflekteer oor die effektiwiteit daarvan. Dit alles teen die agtergrond van bewys-gebaseerde oplossings met ekologiese teorie argumente.
- Om op 'n kritiese wyse leerstrategieë vir eie professionele voortgesette leer in die vakdisiplines van getyrvier en mariene ekologie toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Kort werks- en praktiese opdragte wat individueel of in groepsverband uitgewerk en bepunt kan word. Praktiese verslae gebaseer op projekte wat tydens die verpligte ekskursie uitgevoer moet word. Voordragte deur studente rakende die onlangste inligting ten opsigte van omgewingshidrologie. Skryf van eksamenvraestel aan die einde van die semester.

**Skool: Biologiese Wetenskappe**

**Vakgroep: Mikrobiologie**

**Modulekode: OMWW629 word OMWW 621**

**Semester 2**

**NKR-Vlak: 8**

**Titel: Gevorderde Afvalwaterbehandeling**

Module-uitkomst:

By die voltooiing van die module, moet die student die volgende demonstree:

- toegepaste kennis en kritiese begrip t.o.v. relevante aspekte van water gehalte sowel as die komplekse aard van waterhulpbronne.
- die vermoë om die effektiwiteit van die implementering van 'n reeks relevante metodes, stelsels en prosedures wat nodig is om praktiese en teoretiese probleme op te los, te kan toepas en krities te kan evalueer.
- vaardighede betreffende elementêre navorsingstegnieke, groepswerk, skryf van 'n verslag en probleemoplossing.
- die vermoë om ten volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk te neem.
- die vermoë om krities en effektief probleme betreffende water te kan reflekteer en op te los.
- die vermoë om akademiese idees en teks aan 'n verskeidenheid gehore t.o.v. probleme en kwessies betreffende watersuiwering en -behandeling aan te bied en te kommunikeer

Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Kort werksopdragte wat individueel of in groepsverband uitgewerk en bepunt kan word. Individuele en groepsverband tutoriale. Eksamen aan die einde van die module		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN611</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Projek I: Navorsingsprojek (praktykgerig)</b>		
Module-uitkomste: Hierdie module bied die student die geleentheid om praktykgerigte kennis aan te leer, in sover dit kliënthantering, projekbeplanning, data-insameling, inferensie en interpretasie van 'n spesifieke praktiese probleem van 'n kliënt aangaan. Metodes van verslagdoening vir die praktyk word aangeleer, soos die manier waarop 'n skriftelike verslag asook 'n mondelinge verslag of referaat aangebied moet word oor die afgehandelde statistiekprojek.  Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student suksesvol kan raadgee en toesig hou oor die beplanning en uitvoering van opnames en eksperimente, sowel as met die ontleding van data wat so verkry word en met die maak van wetenskaplik verantwoorde gevolgtrekkings in dié verband, want 'n praktiese statistiese probleem word van meet af aan saam met 'n kliënt beplan, data word op sinvolle wyse ingesamel en voorgestel, inferensie daaromtrent word gedoen, waarna 'n praktyk-gerigte verslag saamgestel word en 'n opsommende voordrag op professionele standaard aangebied word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 'n Verslag en 'n aanbieding.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN612</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Statistiese Data-analise I: Modelle</b>		
Module-uitkomste: Die doel van hierdie module is om die student bekend te stel aan die teorie en praktiese implementering van meer gevorderde lineêre statistiese modelle en bied die student die geleentheid om verskeie eksperimentele ontwerpe te bemeester. Variansieanalise (ANOVA) modelle, asook veralgemeende lineêre modelle sal toegepas word, diagnostiese en remediërende metodes vir hierdie modelle sal bespreek word, post-hoc toetse, wat verband hou met hierdie modelle, sal ondersoek word, en verskeie aangepaste ANOVA modelle vir verskillende scenario's sal bespreek word (insluitend multifaktor modelle, blokontwerp modelle, modelle met kontinue kovariate, geneste faktor modelle, modelle vir herhaalde metings, ewekansige faktor modelle, en onvolledige blokontwerp modelle).  Modelpassingsmetodes sal bestudeer word en die sagteware pakkette R en SAS sal gebruik word om praktiese probleme op te los.  Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die teoretiese konsepte wat verband hou met die modelle verstaan en in staat wees om die korrekte metode toe te pas om data vir spesifieke probleme in te samel en sodoende die model sinvol te implementeer. Daar sal van R en SAS programme gebruik gemaak word om die analyses uit te voer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		

<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN613</b>		<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Hersteekproefneming</b>			
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Nuwe rekenaar-intensiewe skoenlus-inferensiemetodes en -tegnieke word aangeleer en toegepas waar klassieke metodes nie geskik is nie. Daar word o.a. geleer om skoenlusberamers af te lei van standaardfoute van beramers, skoenlusvertrouensintervalle te bereken, hipotesetoetsing en ander inferensie te doen met skoenlusmetodes rakende regressie-, tydreeksmodelle en modelseleksie. Die programmeringstaal word gebruik om hersteekproefneming prakties te implementeer</p> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student kan identifiseer watter probleme en inferensietake met die skoenlusmetode aangepak kan word, vlot kan programmeer in R, sodat statistiese inferensie op nie-parametriese gebied gedoen kan word, wat die student in staat sal stel om talle probleme wat voorheen weens onberekenbaarheid onmoontlik was, nou met rekenaar-metodes op te los.</p>			
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p> <p>Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.</p>			
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN614</b>		<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Statistiese Inferensie</b>			
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Die module fokus op konvensionele sowel as onlangse ontwikkelde inferensiemetodes wat oor 'n wye gebied toegepas kan word. Metodes rakende veralgemeende p-waardes en veralgemeende vertrouensintervalle word ingesluit, waaruit eksakte statistiese metodes ontwikkel word vir spesifieke gevalle. Die nuwe metodes speel 'n belangrike rol in inferensie rondom lineêre modelle. Bayes-teorie word ook aangespreek, sowel as nie-parametriese metodes.</p> <p>Na afloop van die module moet die student inferensie oor 'n wye veld kan doen wat bostaande onderwerpe insluit. Die rekenaar-pakkette SAS, Statistica, R en Fortran word gebruik in die inferensieproses wat probleme oor beraming, hipotesetoetsing, Bayes inferensie, eksakte nie-parametriese metodes, veralgemeende vertrouensintervalle, vergelyking van twee normale populasies, variansieanalise en regressie insluit.</p>			
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p> <p>Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.</p>			
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN615</b>		<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Stogastiese prosesse I</b>			
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Hierdie module bied die student die geleentheid om die grondslae van stogastiese prosesse te bemeester. Na 'n inleidende bespreking van waarskynlikheidsleer en die basiese konsepte van stogastiese prosesse word diskrete tyd Markov kettings bestudeer. Daar word aandag gegee aan oorgangswaarskynlikhede, die Chapman-Kolmogorov vergelykings, klassifikasie van state, limietgedrag, vertakkingsprosesse, modellering en simulasie van Markov kettings, en toepassings op finansiële modelle.</p>			

<p>Die bestudering van kontinue tyd Markov prosesse sluit in Poisson prosesse, die voorwaartse en terugwaartse Kolmogorov-vergelykings, basiese toepassings, nie-homogene Markov prosesse, en die modellering en simulatie van Markov prosesse.</p> <p>Na afloop van die module sal die student stogastiese prosesse kan identifiseer en ter saaklike waarskynlikheidsberekeninge kan doen.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Statistiek</b></p>
<p><b>Modulekode: STTN616</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Nieparametriese beramingsmetodes</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Hierdie module bied die student die geleentheid om aspekte rondom bekende permutasiemetodes, nieparametriese gladstrykingsmetodes, soos dighheidsfunksieberaming te bemeester. Spesifiek word kernfunksieberaming bestudeer en elemente daarvan bemeester, naamlik kern-dighheidsfunksieberaming, afwykingskriteria soos die MSE en die MISE kriteria (ook asimptoties), asimptotiese notasie, Taylor uitbreidings, verskillende kernfunksies, kanoniese kernfunksies, optimale kernfunksieteorie, hoër-orde kernfunksies, gedrag by die grenspunte, beraming van afgeleides, bandwydte-beraming, die sg 'kruisgeldigheidsbepaling' en 'plug-in' beginsels, meervoudige beramingsmetodes en nieparametriese regressiemetodes.</p> <p>Permutasietoetse vorm 'n ruim deel van die module wat talle aspekte van die statistiese inferensie dek, onderandere oorlewingsteorie.</p> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die nodige wiskundige en statistiese vaardighede besit om bostaande beginsels en tegnieke te kan toepas in praktiese situasies wat nieparametriese hipotesetoetsing via permutasiemetodes verg, asook wat gladstrykingstegnieke benodig.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Statistiek</b></p>
<p><b>Modulekode: STTN617</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Wiskundig- en Rekenaarintensiewe metodes I</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Monte-Carlo integrasie uit te voer en die sogenaamde "importance sampling" te bemeester</li> <li>• Verskillende metodes te kan bespreek om data uit verdelings te genereer</li> <li>• Markov Ketting Monte-Carlo algoritmes volledig kan bespreek en die nodige teoretiese afleidings te kan doen</li> <li>• "Saddle point" benaderings te kan doen en die nodige teoretiese afleidings hieromtrent te bemeester.</li> <li>• Bostaande tegnieke toe te pas in Bayes Inferensie</li> </ul> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die nodige rekenaar en statistiese vaardighede besit om bostaande beginsels en tegnieke te kan toepas in praktiese situasies.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN618</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Finansiëlegedrewe Statistiek I</b>		
Module-uitkomst: Die inhoud van die module sal die student toerus om die kompleksiteit van gesensorde en afgeknote datastelle te hanteer soos dit voorkom in finansiële en ekonomiese velde. Beraming van die oorlewingsfunksie, die kumulatiewe uitvalstempo ('hazard rate') en maatstawwe van sentraliteit, sowel as beramingsmetodes vir meer gekompliseerde gesensorde datastrukture, gladstrykingsmetodes, hipotesetoetsing en Bayes oorlewingsmetodes word ingesluit.		
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student sinvol gesensorde en afgeknote datastelle kan hanteer en inferensie kan doen oor die onderwerpe hierbo genoem. Spesifiek sal die student die vaardighede hê om oorlewingsmodelle krities te evalueer en effektief te implementeer in verskeie toepassingsvelde, bv. die versekeringswese. Toepaslike beramingsmetodes sal aangewend kan word vir leeftydverdelings en ander parameters soos bv oorgangstempo's (statistiese modelle sal gebou kan word vir o.a. die oorgang tussen meervoudige state en mortaliteite). Toetse vir konsekwentheid van beramers sal geïmplementeer kan word. Daar sal ook gekyk word na eenvoudige assuransië en annuïteit kontrakke en die toepassing van oorlewingsmodelle hierop. SAS, R en Statistica sal aangewend word vir berekeningsdoeleindes. .		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN621</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Navorsingsprojek (navorsingsjoernaalgerig)</b>		
Module-uitkomst: Hierdie module bied die student die geleentheid om navorsingsmetodes aan te leer, in sover dit hantering, studiebeplanning, etiese sake rakende navorsing, data-insameling, literatuurhantering, bronnelyshantering, inferensie en interpretasie van 'n spesifieke praktiese probleem verkry uit die praktyk, aangaan. Die inhoud van die universiteit se handleiding vir nagraadse studente sal bestudeer word. Metodes van verslagdoening soos vereis deur navorsingsjournale of tydskrifte word aangeleer.		
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student suksesvol 'n eenvoudige navorsingsverslag of artikel kan opskryf met al die bogenoemde elemente in plek. 'n Voltooid navorsingsverslag in die vorm van 'n artikel, oor 'n praktiese probleem moet ingehandig word		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 'n Geskrewe navorsingsartikel.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN622</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Statistiese Data-analise II: Tydreekse</b>		
Module-uitkomst:		

<p>Hierdie module bied die student die geleentheid om stasionêre, nie-stasionêre sowel as seisoenale tydreeksmodelle te bestudeer, om spesifieke tydreeksmodelle te kan identifiseer in die praktyk en om inferensietegniese toe te pas soos om relevante parameters te beraam en voorspellings te maak. Die manier waarop sagteware pakkette soos R, SAS, STATISTICA en andere tydreekse hanteer word ook aangeleer en toegepas.</p> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in praktiese situasies tydreeksdata kan hanteer, die teenwoordigheid van tydafhanklike verbande kan identifiseer, relevante parameters kan beraam om o.a. voorspellings te maak deur sagteware pakkette soos R, SAS, STATISTICA of enige ander toepaslike pakket, te gebruik</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>	<p><b>Vakgroep: Statistiek</b></p>	
<p><b>Modulekode: STTN623</b></p>	<p><b>Semester 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Meerveranderlike Statistiek</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Die kennis ontsluit in hierdie module stel die student in staat om beide 'n algemene teoretiese-sowel as 'n praktiese agtergrond op te bou oor geselekteerde onderwerpe in die meerveranderlike statistiek, soos inferensie oor meerveranderlike gemiddelde vektore, meerveranderlike lineêre modelle, hoofkomponente, faktoranalise, kanoniese korrelasie analise, diskriminantanalise, klassifikasie en trosanalise. Die manier waarop programpakkette soos R, SAS en STATISTICA aangewend kan word in bostaande gevalle, word deurentyd bestudeer.</p> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in praktiese situasies inferensiemetodes kan toepas oor geselekteerde onderwerpe in die meerveranderlike statistiek, soos die vergelyking van meerveranderlike gemiddelde vektore, die passing en beoordeling van meerveranderlike lineêre modelle, die bepaling van hoofkomponente van komplekse populasies, die uitvoer van kanoniese korrelasie analise, die skeiding en klassifikasie van waarnemings uit verskillende populasies en die toepassing van trosanalise. Beskikbare programpakkette, bv. R, SAS en STATISTICA word deurentyd kundig gebruik</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>	<p><b>Vakgroep: Statistiek</b></p>	
<p><b>Modulekode: STTN624</b></p>	<p><b>Semester 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Diskrete Data-analise</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Hierdie module sal die student toerus om verskillende tipes inferensie te doen wat verband hou met kategorisedata. Asimptotiese metodes, die 0- en o-notasies, konvergensie van stogastiese rye, konvergensie van momente en die -metode om asimptotiese verdelings te bepaal, vorm deel van die module. Metodes vir modelidentifisering, modelpassing, en parameterberaming (vir log-lineêre modelle, logistiese- en logit-modelle) word ook ingesluit. Die manier waarop byvoorbeeld die SAS en R rekenaar-pakkette aangewend word vir berekeninge, sal ook bestudeer word.</p> <p>Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om basiese kategoriese data (diskrete data) te kan hanteer, inferensie rakende log-lineêre modelle, logistiese- en logit-modelle te kan doen, modellepassingskriteria te kan toepas om modelseleksie te doen, modelparameterberaming te kan doen en praktiese interpretasies te kan maak.</p>		



Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN625</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Stogastiese prosesse II</b>		
Module-uitkomst: Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf oor spesifieke kontinue tyd stogastiese prosesse soos Brownse beweging, die Ornstein-Uhlenbeck proses, geometriese Brownse beweging, en Lévy prosesse. Die student se kennis rondom stogastiese calculus, gebaseer op die Itô integraal, sal ontwikkel word en die student sal stogastiese differensiaalvergelykings kan hanteer.  Die student sal die kennis wat aangeleer word kan aanwend om kontinue tyd stogastiese prosesse te identifiseer, om toepassings daarvan te demonstreer, en om basiese stogastiese calculus te kan uitvoer		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN626</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Waarskynlikheidsleer</b>		
Module-uitkomst: Die module rus die student toe met grondbegrippe soos sigma-algebras, maat- en produkruimtes, sowel as die grondstellings van waarskynlikheidsleer soos die Borel-Cantellistellings, die Sentrale Limiet Stelling, die monotone konvergensiestelling, Fubini se stelling, Kolmogorov se konsistentheidsstelling, die Radon-Nikodymstelling en die Wet van Groot Getalle.  Na voltooiing van die module sal die student oor die nodige basiese kennis beskik om opvolgmodules in gevorderde Waarskynlikheidsleer aan te pak met die oog op basiese statistiese navorsing, en die basis van gevorderde stogastiese prosesse te verstaan met die oog op hantering van, en navorsing rondom gevorderde statisties-finansiële en ander probleme		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte en eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>	
<b>Modulekode: STTN627</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Wiskundig- en Rekenaarintensiewe metodes II</b>		
Module-uitkomst: Aan die einde van die module sal die student		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Breedvoerige kennis hê van die fundamentele aspekte rondom die implementering van parallele berekeningstegnieke in die R-sagteware pakket;</li> <li>• klassifikasie en trosontleding kan bespreek en kan toepas met spesiale klem op die volgende metodes: liniêre diskriminasie, klassifikasie bome, hiërgargiese trosontleding, k-gemiddelde trosontleding en multidimensionele skalering;</li> </ul>		

- kruisgeldigheidsbepaling volledig kan bespreek asook kan verduidelik hoe dit gebruik word in modelseleksie;
- verskeie geldigheidsbepalingmetodes in tydreeksmodelle kan toepas.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die nodige rekenaar en statistiese vaardighede besit om bostaande beginsels en tegnieke te kan toepas in praktiese situasies.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Klastoetse, opdragte en eksamen.

<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Statistiek</b>
--	-----------------------------

<b>Modulekode: STTN628</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel: Finansiëlegedrewe Statistiek II**

Module-uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:

- Voorwaardelike Heteroskedastiese Modelle, en meer spesifiek die ARCH, GARCH, I-GARCH, GARCH-M, Eksonensiële GARCH, CHARMA en stogastiese volatiliteitsmodelle;
- verskillende nie-linêre modelle asook toetse vir nie-lineariteit (beide parametries en nie-parametries);
- Hoë frekwensie data analise en die toepassing daarvan op markdata;
- Ekstremewaarde teorie en die toepassing daarvan op aandeelopbrengste;
- Meerveranderlike tydreeksmodelle.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die nodige wiskundige en statistiese vaardighede besit om bostaande beginsels en tegnieke te kan toepas in praktiese situasies en veral met betrekking tot die ontleding van markdata..

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Klastoetse, opdragte en eksamen.

<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
--	---------------------------

<b>Modulekode: TGWN612</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel: Numeriese Analise I**

Module-uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:

Inleiding tot numeriese analise (wiskundige voorbereiding, foutanalise, rekenaarprogrammering); oplossing van stelsels lineêre en nielineêre vergelykings; interpolasie en approksimasie; numeriese differensiasie en integrasie; numeriese lineêre algebra (bepaling van eiewaardes en eievektore).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.

<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
--	---------------------------

<b>Modulekode: TGWN613</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
----------------------------	-------------------	--------------------

<b>Titel: Parsiële Differensiaalvergelykings I</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Parsiële differensiaalvergelykings van die tweede orde, insluitend klassifikasie van vergelykings, rand-, aanvangs- en eiewaardeprobleme, die vrae van bestaan, uniekheid, stabiliteit, konstruksie, skeiding van veranderlikes, divergensiestelling en verwante resultate en toepassings		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: TGWN614</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Finansiële Wiskunde Modelling I</b>		
Module-uitkomste: Aan die einde van hierdie module behoort die student in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• die nodige kennis en insig te demonstreer om finansiële besluitnemingsprobleme te modelleer en op te los met geskikte wiskundige metodes en rekenaarprogramme;</li> <li>• kennis en insig te demonstreer van die beginsels van vaste-inkomste belegging en rentekoerse, kontantvloeie, annuïteite en staatseffekte;</li> <li>• vaardighede te demonstreer om die beginsel en tegnieke rakende beleggingskeuses onder onsekerheid te modelleer, op te los en te analiseer;</li> <li>• kennis en insig te demonstreer van die gemiddelde- variansie teorie, optimale portefeulje modellering, kapitaalbateprysingsmodellering, faktormodelling en besluitneming in die nutswaarderaamwerk; en</li> <li>• probleme met geskikte numeriese metodes en rekenaarprogramme op te los.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: TGWN615</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Modelling I</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dimensionele analise: Voorbeelde van modelle wat gekies word op grond van studente se vorige kennis en toekomstige fokus met betrekking tot studies en navorsing</li> <li>• Modelling met stelsels (differensiaal/lineêre) vergelykings</li> <li>• Inleidende verband tussen modellering en optimalisering</li> <li>• Rekenaarvaardighede kan gebruik in die oplos van praktiese verskynsels</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		

<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>	
<b>Modulekode: TGWN616</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Beheerteorie I</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreeer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Inleiding tot beheerteorie en meganiese stelsels. Wiskundige onderbou, soos benodig (waaronder matriksteorie en matriksoplossing van stelsels lineêre differensiaalvergelykings); lineêre beheerstelsels; stabiliteitsteorie; variasierekening; optimale beheer; toepassings.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>	
<b>Modulekode: TGWN617</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Vloeistofdinamika I</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreeer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Euler en Lagrange-koördinate. Materiële afgeleide en kontrole-volumes. Reynold se transportstelling. Behoud van massa. Behoud van momentum. Behoud van energie. Rotasie en vervormingstempo. Wesentlike vergelykings. Viskositeitskoëffisiënte, Navier-Stokes-vergelykings. Newton-vloeistowwe. Randvoorwaardes.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>	
<b>Modulekode: TGWN622</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Numeriese Analise II</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreeer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Inleiding tot numeriese analise (oorsig oor die inhoud van TGWN621); numeriese oplossing van gewone differensiaalvergelykings (enkel en stelsel; aanvangswaarde en randwaarde) en parsieël differensiaalvergelykings.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>	<b>Vakgroep: Wiskunde</b>	
<b>Modulekode: TGWN623</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Parsieël Differensiaalvergelykings II</b>		

<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:</p> <p>Distribusieteorie, insluitend die ruimte van toetsfunksies, distribusies, bewerkings op distribusies, konvergensie van 'n ry distribusies, differensiasie van distribusies, regularisering, stadig-dalende distribusies, Fourier en Laplace-transforms van distribusies</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Wiskunde</b></p>
<p><b>Modulekode: TGWN624</b></p>	<p><b>Semester 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Finansiële Wiskunde Modelling II</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• finansiële afgeleide instrumente;</li> <li>• konstruksie en die evaluering van afgeleide instrumente;</li> <li>• die stogastiese modellering van aandeelpryse</li> <li>• berekeningsalgoritmes van opsiepryse</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Wiskunde</b></p>
<p><b>Modulekode: TGWN625</b></p>	<p><b>Semester2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Modelling II</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Modelle kan beraam, interpreteer en kan stabiliseer indien nodig;</li> <li>• Verskillende simulasiemetodes kan gebruik;</li> <li>• Nie-lineêre probleme kan oplos;</li> <li>• Rekenaarprogramme kan gebruik in die oplos van praktiese verskynsels.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Wiskunde</b></p>
<p><b>Modulekode: TGWN626</b></p>	<p><b>Semester 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Beheerteorie II</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op</p>		

te los oor die volgende onderwerpe: Inleiding tot optimale beheerteorie en meganiese stelsels. Wiskundige onderbou; 'n verskeidenheid toepassings (waaronder minimumtyd- en minimumbrandstofprobleme); singuliere gevalle.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: TGWN627</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
Titel: <b>Vloeistofdinamika II</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Vloeilyne, werwellyne. Kelvin se stelling, Bernoulli- en Crocco-vergelykings, werwelvergelyking. Ideale vloeistowwe: Stroomfunksie en komplekse potensiaal en komplekse snelheid. Uniforme vloei. Bron- en put-vloei. Silinder-vloei met en sonder sirkulasie. Blasius se wette. Krag en moment. Joukowski-transformasie. Dravlakke van verskillende tipes. Eksakte oplossings van die Navier-Stokes-vergelykings vir enkele oplosbare probleme.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: TGWN671</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
Titel: <b>Projek</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, die volgende te kan doen: <ul style="list-style-type: none"> <li>• inleidende navorsingstegnieke in die vakgebied bemeester;</li> <li>• literatuur in 'n Wiskundige vaktydskrif lees en verstaan;</li> <li>• verwysings en bronne korrek hanteer;</li> <li>• wetenskaplike literatuursoektogte uitvoer;</li> <li>• kennis en vaardighede van verskillende subdissiplines geïntegreerd toepas in die oplos van wiskundige probleme;</li> <li>• die vak mondelings en skriftelik in toepaslike wetenskaplike taal kommunikeer; en in 'n span oor 'n onderwerp saam te werk.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Skripsie en 'n mondelinge voordrag.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: WISK613</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
Titel: <b>Topologie van metriese en normeerde ruimtes</b>		
Module-uitkomst: Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student basiese kennis van en vaardigheid in kan demonstreer oor die beginsels grondliggend tot die metodes, abstrakte		

<p>bewysvoering, toepassing van kernstellings in bewysvoering en verdere teoretiese ontwikkeling op die terrein van die volgende onderwerpe: Metriese ruimtes, wat insluit topologiese begrippe, volledigheid van metriese ruimtes, voorbeelde van enkele bekende volledige en nie-volledege metriese ruimtes en vervollediging van metriese ruimtes; vektorruimtes en normeerde ruimtes, wat insluit Banachruimtes en voorbeelde van sulke ruimtes, Schauder basisse, kompaktheid in normeerde ruimtes en die rol daarvan in die karakterisering van eindig-dimensionele normeerde ruimtes; lineêre en begrensde lineêre operatore op normeerde ruimtes, lineêre funksionale en begrensde lineêre funksionale en die algebraïese duaalruimte van 'n vektorruimte en die begrip algebraïes refleksiewe ruimte; ruimtes van begrensde lineêre operatore op normeerde ruimtes, wat insluit (kontinue) duaalruimtes van normeerde ruimtes, enkele voorbeelde van duaalruimtes en karakterisering van duaalruimtes van bekende normeerde ruimtes.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:  Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Wiskunde</b></p>
<p><b>Modulekode: WISK615</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Differensiaalvergelykings</b></p>		
<p>Module-uitkomst:  Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:  Differensiaalvergelykings: Analitiese en numeriese oplosmetodes;  Inleiding tot partiële differensiaalvergelykings: analitiese en numeriese oplosmetodes;  Aflleiding van die Black- Scholes vergelyking as 'n partiële differensiaalvergelyking en die oplossing van die vergelyking met behulp van numeriese PDF metodes.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:  Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.</p>		
<p><b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b></p>		<p><b>Vakgroep: Wiskunde</b></p>
<p><b>Modulekode: WISN612</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 8</b></p>
<p><b>Titel: Abstrakte Algebra I</b></p>		
<p>Module-uitkomst:  Na voltooiing van hierdie module behoort die studente kennis te hê en vaardighede te demonstreer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:  Groepe - Sylow-stellings, klassifikasie van eindige groepe;  Ringe - priem-en maksimale ideale, eenduidigefaktoriseringbiede,  Noetherse ringe;  Liggaamsteorie- uitbreidingsliggaame,  Toepassing op meetkundige konstruksies  Galois-teorie.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:  Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering</p>		

in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: WISN613</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Komplekse Funksieteorie</b>		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreeer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe: Möbius transformasies; Montel se stelling; Riemann-afbeeldingstelling; oneindige produkte van analitiese funksies; benadering van analitiese funksies; analitiese voortsetting; harmoniese funksies; heelfunksies van eindige orde; die waardeversameling van analitiese funksies.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering in die vorm van klastoetse en opdragte en summatiewe assessering in die vorm van n eksamen.		
<b>Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe</b>		<b>Vakgroep: Wiskunde</b>
<b>Modulekode: WISN614</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Maat- en Integrasieteorie I</b>		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente, kennis te hê en vaardighede te demonstreeer in die toepassing van die beginsels, die metodes en die teorie om probleme op te los oor die volgende onderwerpe:  sigma-algebras, meetbare ruimtes, Borel versamelings, meetbare funksies, Borel-funksies, monotone klasse funksies, maatteorie, beeldmate, integrasieteorie, eienskappe van die integraal, monotone konvergensiestelling, Fatou se lemma, Lebesgue se gedomineerde konvergensiestelling, vergelyking van die Lebesgue-integraal met die Riemann-integraal, berekenings met die Lebesgue-integraal, kontinuïteit en differensieerbaarheid van funksies gedefinieer deur Lebesgue-integrale.		
Metode van aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: ITRW876</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: <b>Databasis</b>		
Module-uitkomst:		
Die student sal na voltooiing van die module kan aantoon dat hy/sy: die Oracle-strukture en -prosesse wat betrokke is by rugsteun en herstel ken; die verskillende metodes ken wat gebruik word vir rugsteun en herstel in 'n Oracle-databasis; sekere databasisprobleme wat kan voorkom, kan identifiseer en moontlike oplossings daarvoor ken; Oracle-databasisse van moontlike probleme (failure) kan herstel; die belangrikste stappe wat deel uitmaak van 'n verstelmetodologie kan beskryf; Oracle hulpmiddels kan gebruik om probleme met werkverrigting te diagnoseer; geheue-strukture kan konfigureer om die bewerkings van die cache te optimeer; lêerstrukture kan konfigureer om werkverrigting te verbeter; probleme met invoer/uitvoer, stoor en databasiskonfigurasie kan identifiseer en oplos; probleme met wedywering by slotgebruik kan identifiseer en oplos; geheue- en skyfbronne kan konfigureer om sortering te optimeer; navorsing kan doen om op hoogte te bly van nuwe ontwikkelinge en bevindings.		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiwe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: ITRW877</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: <b>Besluitsteunstelsels</b>		
Module-uitkomst:		
Die student sal na voltooiing van die module kan aantoon dat hy/sy: Die teorie en praktyk van verskeie modelleringsprobleme, van veral wiskundige modelle, bemeester het; die vaktaal bemeester het sodat gemaklik met kollegas gekommunikeer kan word; probleemoplossend te werk kan gaan; 'n liefde vir die studieveld openbaar en begrip toon vir die verband tussen werklikheid, abstraksie, model en oplossing; meer gespesialiseerde voorbeelde en probleme kan bemeester indien die module as 'n M-module geneem word.		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiwe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: ITRW878</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: <b>Kunsmatige Intelligensie</b>		
Module-uitkomst:		
Aan die einde van die module sal die student in staat wees om die volgende te kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kunsmatige Intelligensie te kan definieer en 'n definisie krities te kan evalueer;</li> <li>• die historiese grondslae en geskiedenis van die vak te kan beskryf;</li> <li>• logiese agente en die omgewings waarin hulle opereer te kan bespreek;</li> <li>• die begrip rasionaliteit te kan definieer en toe te pas op intelligente agente;</li> <li>• probleme te kan oplos deur van verskeie ingeligte en oningeligte soekmetodes gebruik te maak;</li> <li>• die geskiedenis en toepassings van neurale netwerke te kan beskryf;</li> <li>• die biologiese inspirasie vir neurale netwerke te kan verduidelik; verskeie neurale netwerkmodelle en argitekture te kan bespreek en te kan gebruik om praktiese probleme mee op te los;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die beginsels van kennisgebaseerde agente te kan beskryf;</li> <li>• proposisielogika te kan definieer (beide sintaksis en semantiek);</li> <li>• gevolgtrekkings ("inferences") te kan maak in proposisielogika;</li> <li>• predikaatlogika te kan definieer (beide sintaksis en semantiek);</li> <li>• gevolgtrekkings ("inferences") in predikaatlogika te kan maak;</li> <li>• probleembeskrywings in predikaatlogika te kan vertaal;</li> <li>• resoluiebewyse te kan konstrueer;</li> <li>• 'n eenvoudige bewysvoerder vir predikaatlogika te kan bou;</li> <li>• in groepe saam te werk;</li> <li>• effektief te kan kommunikeer, mondelings sowel as skriftelik, deur van toepaslike tegnologie gebruik te maak;</li> <li>• inligting uit verskeie modules te kan integreer en te kan aanwend in die oplos van praktiese probleme (die uitkoms sal bereik word met behulp van een of meer geïntegreerde evaluerings) en eties op te tree ten opsigte van alle aspekte rakende kunsmatige intelligensie</li> </ul>		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: ITRW883</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Beeldverwerking</b>		
Module-uitkomst:		
<p>Aan die einde van die module, sal die student kan bewys lewer dat hy/sy oor voldoende kennis en insig beskik oor die volgende onderafdelings van beeldverwerking: Basiese beginsels van beeldverwerking; beeldverbetering in die ruimtelike en frekwensie domeine; verwerking van kleur beelde: beeldkompressie; morfologiese beeldverwerking; beeldsegmentasie; voorstelling en beskrywing van objekte in beelde. Verder sal die student oor praktiese beeldverwerking vaardighede beskik.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die gebruik van wiskundige morfologie in beeldverwerking kan bespreek.</li> <li>• Verskillende beeldsegmentasie tegnieke, met verwysing na randwaarneming en -verbinding asook beelddrempelling, kan bespreek.</li> <li>• Die voorstelling en beskrywing van beelde, met verwysing na die beskrywing van rande en gebiede asook die gebruik van hoofkomponentanalise, kan bespreek.</li> <li>• Die praktiese gebruik van beeldverwerking kan bespreek.</li> <li>• Basiese konsepte van beeldverwerking kan bespreek met verwysing na voorbeelde van die gebruik van beeldverwerking, verskillende beeldingsmodaliteite, visuele persepsie by die mens, beeldvaslegging, monstering en kwantisering.</li> <li>• Beeldverbetering in die ruimtelike domein, met verwysing na grysvlaktransforms asook ruimtelike filters vir die gladmaak en skerpmmaak van beelde, kan bespreek en prakties implementeer.</li> <li>• Beeldverbetering in die frekwensie domein, met verwysing na die Fouriertransform en sy eienskappe asook gladmaak, skerpmmaak en homomorfiiese filters, kan bespreek en prakties implementeer.</li> <li>• Die verwerking van kleurbeelde, met verwysing na die verskillende kleurmodelle asook beide pseudo-kleur en vol-kleur verwerking, kan bespreek en prakties implementeer.</li> <li>• Verskillende beeldkompressie algoritmes kan bespreek en implementeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: ITRW884</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>

<b>Titel: Inligtingstelsel ingenieurswese</b>		
Module-uitkomst: Studente behoort na die voltooiing van hierdie module: projekbestuur in die IT-konteks te verstaan en te kan toepas; projekbestuurprosesgroepe te verstaan en te kan bestuur; projekintegrasiebestuur te verstaan en te kan toepas; omvangbestuur te verstaan en te kan toepas; tydbestuur te verstaan en te kan toepas; kostebestuur te verstaan en te kan toepas; kwaliteitbestuur te verstaan en te kan toepas; menslikehulpbronnebestuur te verstaan en te kan toepas; kommunikasiebestuur te verstaan en te kan toepas; risikobestuur te verstaan en te kan toepas; aankopebestuur te verstaan en te kan toepas. Aan die einde van die studie sal die studente goeie kennis dra van verskillende stelselontwikkelingsmetodologieë. Dit sluit in stelselontwikkelingsmetodes, onderliggende benaderings waarop stelselontwikkelingsmetodes gebaseer is, ontwikkelingsprosesmodelle wat gevolg word in stelselontwikkelingsmetodes, ontwikkelingstegnieke en hulpmiddels wat gebruik word in stelselontwikkelingsmetodes. Studente behoort na die voltooiing van hierdie module: inligtingstelsel-ingenieurswese te kan definieer en verduidelik; 'n stelselontwikkelingsmetodologie te kan definieer en verduidelik; die aanvaarding van stelselontwikkelingsmetodologie in praktyk te kan verduidelik; STRADIS (Structured analysis, design, and implementation of information systems) te verstaan en te kan toepas; IE (Information engineering) te verstaan en te kan toepas; RUP (Rational Unified Process) te verstaan en te kan toepas; XP (Extreme Programming) te verstaan en te kan toepas; SSM (Soft Systems Methodology) te verstaan en te kan toepas; ETHICS (Effective technical and human implementation of computer-based systems) te verstaan en te kan toepas; MULTIVIEW 1 en 2 te verstaan en te kan toepas; 'n kritiese beoordeling en vergelyking van stelselontwikkelingsmetodologieë te kan doen. Studente sal stelselontwikkelingsmetodologieë krities kan beoordeel, en 'n geskikte metodologie vir 'n bepaalde projek kan aanbeveel. Studente sal stelsel-ontwikkelingsmetodologieë kan toepas en 'n groot projek daarmee kan ontwikkel.		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: ITRW885</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Rekenaarsekureit</b>		
Konteks Op teoretiese vlak moet die leerder insig en basiese kennis verwerf het oor die hoofkonsepte van rekenaar- en inligtingsekureit. Die leerder word sensitief gemaak vir sekureitprobleme in die wêreld waarin ons leef en hy/sy moet in staat wees om gepaste kontroles teen die bedreigings te identifiseer insluitende areas soos databasisse en netwerke.		
Module-uitkomst Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerders in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte van rekenaar- en inligtingsekureit en swakplekke in gerekenariseerde omgewings te beskryf en te verstaan hoe sulke bedreigings gekontroleer kan word.</li> <li>• Basiese enkripsie- en dekripsie-skemas asook die belangrikste enkripsie-stelsels wat algemeen gebruik word te ken.</li> <li>• Bedryfstelkontroles en betroubare bedryfstelsels te verstaan.</li> <li>• Sekureitprobleme rakende rekenaarstelsels en programme en inligting in ondernemings te identifiseer en maatreëls daarvoor aan te beveel.</li> <li>• Databasiskonsepte rondom inligtingsekureit te kan bespreek en te verstaan hoe hierdie bedreigings gekontroleer kan word.</li> <li>• Netwerksekureitbedreigings te beskryf en te weet watter maatreëls daarteen</li> </ul>		

<p>ingestel kan word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Administratiewe sekuriteit in 'n IT-omgewing te bespreek en die ekonomiese aspekte daarvan te verstaan.</li> <li>• Privaatheid en regsimplikasies binne rekenaarsekuriteit te identifiseer en te bespreek.</li> <li>• Te verstaan dat sekuriteitsmaatreëls met noukeurigheid en op ooreengekome wyse voltooi moet word en dat inligting rakende die kliënt met die nodige vertroulikheid hanteer moet word.</li> <li>• Te verstaan dat rekenaarhulpbronne eties en verantwoordelik gebruik moet word. Die leerders moet kennis dra van sosiale en etiese kwessies in rekenaar- en inligtingsekuriteit.</li> </ul> <p>Ander relevante rekenaar- en inligtingsekuriteit onderwerpe te bestudeer en te bespreek.</p>		
<p>Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formaatiewe en summatiwew assessorings: Toetse, eksamen, praktiese ewaluering</p>		
<p><b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b></p>		
<p><b>Modulekode: ITRW886</b></p>	<p><b>Semester 1 en 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 9</b></p>
<p><b>Titel: Datapakhuis</b></p>		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Aan die einde van die module sal die student in staat wees om die basiese beginsels van datapakhuis te verstaan en te bespreek. Die student sal verduidelikings kan neerskryf en hierdie verduidelikings met eie voorbeelde toelig; die lewensiklus van 'n datapakhuis verstaan en elkeen van die fases in besonderhede kan bespreek; 'n dimensionele model vir 'n gevallestudie kan opstel; verskillende programmatuurhulpmiddele vir datapakhuis kan bespreek; die SAS-kursus kan voltooi en 'n mondelinge ewaluasie oor die inhoud daarvan kan aflê.</p>		
<p>Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formaatiewe en summatiwew assessorings: Toetse, eksamen, praktiese ewaluering.</p>		
<p><b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b></p>		
<p><b>Modulekode: MKBN871</b></p>	<p><b>Semester 1 en 2</b></p>	<p><b>NKR-Vlak: 9</b></p>
<p><b>Titel: Verhandelings</b></p>		
<p>Module-uitkomste:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gespesialiseerde kennis en begrip te toon om interaksie met en kritiek van navorsing en praktyke in Mikrobiologie te bewerkstellig.</li> <li>2. Bemeestering te toon van relevante metodes en prosedures wat vereis word om praktiese en teoretiese probleme van Mikrobiologie op te los.</li> <li>3. Te toon dat komplekse en uitdagende probleme in 'n gespesialiseerde Mikrobiologiese veld aangespreek kan word en om eie bevindinge te verstaan en te kontekstualiseer.</li> <li>4. Die vermoë te demonstreer om inligting in te samel, te verwerk en te bestuur en om eie bevindinge te kommunikeer op akademies gepaste wyse.</li> <li>5. Begrip te demonstreer van die konteks van eie navorsing en die geassosieerde gevolge daarvan om die Mikrobiologiese veld te beïnvloed.</li> <li>6. Self-gereguleerde leer en verantwoordelikheid vir akademiese en professionele ontwikkeling te toon; kennis demonstreer van die etiek van navorsing en praktyk binne Mikrobiologie.</li> </ol>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/deeltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Verhandelings (100%) word geëksamineer ooreenkomstig met die Fakulteit riglyne deur interne en eksterne eksaminatore</p>		
<p><b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b></p>		

<b>Modulekode: NWON871</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Verhandeling</b>		
Module-uitkomst:		
Metode van aflewering:		
Assesseringsmetodes:		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: OMBO873</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Skripsie</b>		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Demonstreer gespesialiseerde kennis en begrip om interaksie met, en kritiek van, heersende navorsing of praktyke binne die veld van omgerwingsbestuurveld te bewerkstellig; en om by te dra tot denke oor relevante sake wat betref hul spesifieke rigting van spesialisasie.</li> <li>2. Demonstreer die vermoë om heersende prosesse waardeur kennis gegenereer word, te evalueer en om 'n gepaste proses van ondersoek te selekteer vir die spesialiseringsrigting of praktyk in omgewingsbestuur.</li> <li>3. Demonstreer bemeestering van en vermoë om toepaslike en kreatiewe metodes en prosedures te selekteer en toe te pas in omgewingsbestuur.</li> <li>4. Demonstreer die vermoë om komplekse en uitdagende probleme binne 'n spesialiseringsrigting van omgewingsbestuur aan te spreek asook die begrip en kontekstualisering van enige daaruitspruitende oplossings.</li> <li>5. Demonstreer die vermoë om selfstandige etiese besluite wat kennisproduksie, of komplekse organisatoriese of professionele aangeleenthede raak, te neem en 'n vermoë om krities by te dra tot die ontwikkeling van etiese standaarde in omgewingsbestuur.</li> <li>6. Demonstreer die vermoë om inligting (akademiese, profes-sionele of beroepsgerigte diskoerse as bronne) verwant aan omgewingsbestuur te ontgin, te prosesseer en te bestuur asook om die betekenisvolle insigte daarvan op 'n akademiese wyse te kan kommunikeer (f en g).</li> <li>7. Die vermoë om navorsingsresultate effektief aan spesialis en nie-spesialis gehore aan te bied en te kommunikeer met behulp van 'n akademies-professionele diskoers.</li> <li>8. 'n Begrip van die konteks van hul navorsing en hpe die verwante gevolge daarvan die veld van omgewingsbestuur te beïnvloed.</li> <li>9. Demonstreer die vermoë om eie leerstrategieë te ontwerp en te gebruik wat onafhanklike leer, akademiese – sowel as professionele ontwikkeling in stand hou, met inagneming van hul etiese verantwoordelikheid.</li> </ol>		
Metode van aflewering:Deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
Assesseringspunt na eksaminering en moderering van skripsie: 100% van die finale modulepunt		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: OMBO878</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Omgewingsbestuur</b>		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Demonstreer gespesialiseerde kennis om interaksie met, en kritiek van, heersende navorsing of praktyke te bewerkstellig met betrekking tot internasionale en nasionale perspektiewe op uitdagings in volhoubaarheid, die omgewing asook alle relevante omgewingsbestuurs-instrumente.</li> <li>2. Demonstreer die vermoë om heersende prosesse waardeur kennis gegenereer word, te evalueer en om 'n gepaste proses van ondersoek te selekteer vir die spesialiseringsarea of praktyk in omgewingsbestuur.</li> <li>3. Demonstreer bemeestering van en vermoë om toepaslike en kreatiewe metodes en</li> </ol>		

prosedures te selekteer en toe te pas in omgewingsbestuur.

4. Demonstreer die vermoë om komplekse en uitdagende probleme binne die veld van omgewingsbestuur aan te spreek deur die gebruik van 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede asook begrip vir die gevolge van enige daaruitspruitende oplossings of insigte te verstaan.

5. Demonstreer die vermoë om selfstandige etiese besluite te neem wat verband hou met omgewingsbestuur.

6. Demonstreer die vermoë om inligting (akademiese, profes-sionele of beroepsgerigte diskoerse as bronne) verwant aan omgewingsbestuur te ontgin, te prosesseer en te bestuur asook om die betekenisvolle insigte daarvan op 'n akademiese wyse te kan kommunikeer.

7. Demonstreer die leierskapsvermoë tot ingryping op 'n toepaslike vlak binne 'n sisteem gebaseer op begrip van die hiërargiese verhoudings binne die sisteem.

8. Demonstreer die vermoë om eie leerstrategieë te ontwerp en gebruik wat onafhanklike leer, akademiese – sowel as professionele ontwikkeling in stand sal hou

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:

Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur**

**Modulekode: OMBO879**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Omgewingsevaluering**

Module-uitkomst:

1. Demonstreer gespesialiseerde kennis om interaksie met, en kritiek van, heersende navorsing of praktyke met betrekking tot internasionale en nasionale perspektiewe op uitdagings in volhoubaarheid, die omgewing asook alle relevante omgewingsassesering-instrumente te bewerkstellig.

2. Demonstreer die vermoë om heersende prosesse waardeur kennis gegenereer word, te evalueer en om 'n gepaste proses van ondersoek te selekteer vir die spesialisering- of praktyk in omgewingsassesering en -bestuur.

3. Demonstreer bemeestering van en vermoë om toepaslike en kreatiewe metodes en prosedures te selekteer en toe te pas in omgewingsassesering en -bestuur.

4. Demonstreer die vermoë om komplekse en uitdagende probleme binne die rigting van omgewingsassesering en -bestuur aan te spreek asook die begrip en kontekstualisering van enige daaruitspruitende oplossings.

5. Demonstreer die vermoë om selfstandige etiese besluite te neem wat verband hou met omgewingsassesering en -bestuur.

6. Demonstreer die vermoë om inligting (akademiese, profes-sionele of beroepsgerigte diskoerse as bronne) verwant aan omgewingsassesering te ontgin, te prosesseer en te bestuur asook om die betekenisvolle insigte daarvan op 'n akademiese wyse te kan kommunikeer.

7. Demonstreer die leierskapsvermoë tot ingryping op 'n toepaslike vlak binne 'n sisteem gebaseer op begrip van die hiërargiese verhoudings binne die sisteem.

8. Demonstreer die vermoë om eie leerstrategieë te ontwerp en te gebruik wat onafhanklike leer, akademiese – sowel as professionele ontwikkeling in stand sal hou.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:

Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur**

**Modulekode: OMBO880**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Bestuur van ekologiese drywers in akwatiese sisteme**

Module-uitkomst:

1. Demonstreer gespesialiseerde kennis om interaksie met, en kritiek van, heersende



navorsing of praktyke te bewerkstellig met betrekking tot internasionale en nasionale perspektiewe op uitdagings in volhoubaarheid, die omgewing asook alle relevante omgewingsbestuurs-instrumente.

2. Demonstreer die vermoë om heersende prosesse waardeur kennis gegeneer word, te evalueer en om 'n gepaste proses van ondersoek te selekteer vir die spesialisingsarea of praktyk in water bestuur.

3. Demonstreer bemeestersing van en vermoë om toepaslike en kreatiewe metodes en prosedures te selekteer en toe te pas in water bestuur en spesifiek ekologiese drywers in akwatiese sisteme.

4. Demonstreer die vermoë om komplekse en uitdagende probleme binne die veld van water bestuur aan te spreek deur die gebruik van 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede asook begrip vir die gevolge van enige daaruitspruitende oplossings of insigte te verstaan.

5. Demonstreer die vermoë om selfstandige etiese besluite te neem wat verband hou met water bestuur.

6. Demonstreer die vermoë om inligting (akademiese, profes-sionele of beroepsgerigte diskoerse as bronne) verwant aan water bestuur te ontgin, te prosessee en te bestuur asook om die betekenisvolle insigte daarvan op 'n akademiese wyse te kan kommunikeer.

7. Demonstreer die leierskapsvermoë tot ingryping op 'n toepaslike vlak binne 'n sisteem gebaseer op begrip van die hiërargiese verhoudings binne die sisteem.

8. Demonstreer die vermoë om eie leerstrategieë te ontwerp en gebruik wat onafhanklike leer, akademiese – sowel as professionele ontwikkeling in stand sal hou.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:

Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur**

**Modulekode: OMBO881**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Bestuur van ekologiese komponente in akwatiese sisteme**

Module-uitkomst:

1. Demonstreer gespesialiseerde kennis om interaksie met, en kritiek van, heersende navorsing of praktyke te bewerkstellig met betrekking tot internasionale en nasionale perspektiewe op uitdagings in volhoubaarheid, die omgewing asook alle relevante omgewingsbestuurs-instrumente.

2. Demonstreer die vermoë om heersende prosesse waardeur kennis gegeneer word, te evalueer en om 'n gepaste proses van ondersoek te selekteer vir die spesialisingsarea of praktyk in water bestuur.

3. Demonstreer bemeestersing van en vermoë om toepaslike en kreatiewe metodes en prosedures te selekteer en toe te pas in water bestuur en spesifiek ekologiese reageerders in akwatiese sisteme.

4. Demonstreer die vermoë om komplekse en uitdagende probleme binne die veld van water bestuur aan te spreek deur die gebruik van 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede asook begrip vir die gevolge van enige daaruitspruitende oplossings of insigte te verstaan.

5. Demonstreer die vermoë om selfstandige etiese besluite te neem wat verband hou met water bestuur.

6. Demonstreer die vermoë om inligting (akademiese, profes-sionele of beroepsgerigte diskoerse as bronne) verwant aan water bestuur te ontgin, te prosessee en te bestuur asook om die betekenisvolle insigte daarvan op 'n akademiese wyse te kan kommunikeer.

7. Demonstreer die leierskapsvermoë tot ingryping op 'n toepaslike vlak binne 'n sisteem gebaseer op begrip van die hiërargiese verhoudings binne die sisteem.

8. Demonstreer die vermoë om eie leerstrategieë te ontwerp en gebruik wat onafhanklike

leer, akademiese – sowel as professionele ontwikkeling in stand sal hou.		
Metode van aflewering: Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: OMBO882</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: Geïntegreerde Afvalbestuur		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Geïntegreerde kennis van en betrokkenheid by geïntegreerde afvalbestuur, en van teorieë, tegnieke en vereistes ten opsigte van afvalbestuur sowel as die vermoë om hierdie konsepte krities te evalueer en toe te pas.</li> <li>2. Die vermoë om kennis en inligting oor geïntegreerde afvalbestuur in te samel en krities te evalueer, te hersien, en toe te pas.</li> <li>3. Kontekstualiseer die komplekse aard van geïntegreerde afvalbestuur en lewer ingeligte kommentaar oor hoe dit met onbekende kontekste en ander dissiplines in omgewingsbestuur verband hou.</li> <li>4. Die vermoë om 'n reeks verskillende, maar toepaslike hulpmiddels, tegnieke, vereistes en beste praktyke wat op geïntegreerde afvalbestuur betrekking het, te selekteer, krities te evalueer en toe te pas, en om na te dink en voorstelle te maak vir doeltreffende afvalbestuur oor die hele afvalbestuurlewensiklus heen.</li> </ol>		
Metode van aflewering: Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: OMBO883</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: Afvalbestuur: Wetgewing en Owerheidsbestuur		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Geïntegreerde kennis van en betrokkenheid by wetgewing en korporatiewe bestuur (insluitende internasionale verpligtinge, beleide, wette, regulasies, norme en standaarde, ens.) van geïntegreerde afvalbestuur sowel as die vermoë om die konsepte krities te evalueer en toe te pas.</li> <li>2. Die vermoë om kennis en inligting oor die wetgewing en korporatiewe bestuur van geïntegreerde afvalbestuur in te samel en krities te evalueer, te hersien, en toe te pas.</li> <li>3. Kontekstualiseer die komplekse aard van die wetgewing en korporatiewe bestuur van geïntegreerde afvalbestuur, en lewer ingeligte kommentaar oor hoe dit met onbekende kontekste en ander dissiplines in omgewingsbestuur verband hou.</li> <li>4. Die vermoë om 'n reeks verskillende, maar toepaslike wetlike vereistes wat op geïntegreerde afvalbestuur betrekking het, te selekteer, krities te evalueer en toe te pas, en om na te dink en voorstelle te maak vir doeltreffende afvalbestuur binne die Suid-Afrikaanse regsraamwerk.</li> </ol>		
Metode van aflewering: Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Opdragte, praktiese verslae, aanbiedings en eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: OMWN871</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
Titel: <b>Verhandeling</b>		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gespesialiseerde kennis en kennisgeletterdheid met betrekking tot die veld van omgewingswetenskappe te demonstreer.</li> <li>2. Bemeestering, ontwerp en keuse van toepaslike metodes, tegnieke en prosesse in die navorsing van omgewingswetenskappe te demonstreer.</li> </ol>		

3. 'n wye reeks gespesialiseerde vaardighede te implimenteer in die identifisering en konseptualisering van ondersoekmetodes om komplekse en uitdagende probleme in die veld van omgewingswetenskappe aan te spreek.
4. Inligting in te samel, te prosesseer en te bestuur sodat 'n omvattende oorsig van die leidende navorsing in die area van omgewingswetenskappe verskaf kan word.
5. Inligting rakende sy/haar navorsingsveld in omgewingswetenskappe te produseer en te kommunikeer
6. Sy/haar navorsingsbevindings in konteks met die heersende begrip van die navorsingsprobleem binne omgewingswetenskappe te stel en om oplossings/intervensies voor te stel.
7. Outonomies etiese besluite te neem, onafhanklik te funksioneer en toerekenbaar te wees vir sy/haar eie werk.

Metode van aflewering: Voltyds of Deeltyds

Assesseringsmetodes: Verhandeling (100%) word geëksamineer ooreenkomstig met die Fakulteit riglyne deur interne en eksterne eksaminatore.

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: : Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur**

**Modulekode: PLKN871**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Verhandeling**

Module-uitkomst:

1. Kennis van die plantkundige spesialisingsrigting (ekologie, molekuleêre biologie, fisiologie of taksonomie) van terrestriële of akwatiese omgewings.
2. Vermoë om toepaslike literatuur in die spesialisingsrigting te evalueer.
3. Vermoë om ingewikkelde probleme binne die spesialisingsrigting aan te spreek deur die toepassing van vaardighede om vraagstukke te identifiseer, konseptualiseer en te ontwerp.
4. Aanwending van toepaslike en kreatiewe metodes, tegnieke, prosesse of tegnologieë om praktiese of teoretiese probleme in die spesialisingsrigting aan te spreek.
5. Inkorporering van toepaslike, verantwoordelike en goedgekeurde etiese besluite vir kennisproduksie binne die spesialisingsrigting.
6. Vermoë om geskikte prosedures te volg om data in te samel, te bestuur, te verwerk en te analiseer in die spesialisingsrigting, asook die inisiëring en implementering van goeie bestuurspraktyke om die doelstellings van die studie te bereik.
7. Onafhanklike denke en verantwoordelikheid vir navorsing in die spesialisingsrigting, asook om bevindings te kommunikeer en te verdedig op akademies verantwoordbare maniere.

Metode van aflewering: Voltyds of Deeltyds

Assesseringsmetodes: Verhandeling (100%) word geëksamineer ooreenkomstig met die Fakulteit riglyne deur interne en eksterne eksaminatore.

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea:**

**Modulekode: RSWW811**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Navorsingsmetodologie**

Module-uitkomst:

Die student sal by voltooiing van hierdie module kan aantoon dat hy/sy gereed is om die literatuurstudie met die oog op 'n verhandeling in sy/haar vakgebied te kan doen (wat kan inhoud dat die student die literatuurstudie in artikelvorm moet aanbied), en weet hoe om bronne te raadpleeg en korrek aan te haal, sonder om plagiaat te pleeg. Die student sal kan aantoon dat hy/sy vertrouwd is met die inhoud van die "handleiding vir nagraadse studie", en sal in staat wees om 'n geskikte navorsingsmetode te kies en toe te pas, bv. hoe om (waar van toepassing) geskikte vraelyste op te stel en gepaste statistiese verwerking van data te kan doen, en eties korrek met vraelyste en resultate om te gaan. Die student sal by voltooiing van hierdie module in staat wees om 'n navorsingsvoorstel te skryf.

Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds (geskeduleerde lesingtye)		
Assesseringsmetodes: : Formatiewe en summatiewe assessoring: Opdragte en eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: RSWW821</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Navorsingskommunikasie</b>		
Module-uitkomste: Die student sal by die voltooiing van hierdie module aangetoon het dat hy/sy in staat is om navorsingsresultate skriftelik en mondeling volgens die standaard praktyke in die vakgebied te kommunikeer. Die student sal 'n voordrag oor navorsingsresultate kan aanbied, wat insluit die vaardigheid om van moderne hulpmiddels (soos die data-projektor) gebruik te maak en hy/sy sal 'n getikte artikel uit die werk van sy/haar verhandeling vir eksaminering aanbied. Die student sal oor die vaardigheid beskik om die algemeen aanvaarde woordverwerkingspakket van sy vakgebied te gebruik en die artikel met behulp hiervan voor te berei.		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds (geskeduleerde lesingtye)		
Assesseringsmetodes: Summatiewe assessoring: Opdragte		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur</b>		
<b>Modulekode: SBEL871</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Verhandeling</b>		
Module-uitkomste: <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Illustreer die vermoë om selfstandig navorsing uit te voer onder toesig, data te versamel, te verwerk, te analiseer, te evalueer en te interpreteer en dit sinvol in 'n verhandeling op te skryf.</li> <li>2. Illustreer die vermoë om gevorderde vakspesifieke en geïntegreerde beplanningskennis en -vaardighede toe te pas om beplanningsvraagstukke aan te pak en probleme te identifiseer, analiseer en op te los.</li> <li>3. Illustreer voldoende bekendheid met verbandhoudende literatuur, bemeestering van toepaslike en analitiese metodes en die vermoë om op die voerpunt te bly van die nutste wetgewing en praktyke in beplanning.</li> <li>4. Illustreer die vermoë om die kennis en vaardighede opgedoen in hierdie studie sin-vol toe te pas ten einde betekenisvolle insig te reflekteer. <ul style="list-style-type: none"> <li>• 5. Demonstreer gevorderde en gespesialiseerde vaardighede toepaslik vir Stads-en-Streeksbeplannings dissipline, ten einde navorsingsbevindings te kommunikeer met verskillende gehore uit verskillende vlakke van kennis en kundigheid.</li> </ul> </li> </ol>		
Metode van aflewering: : Voltyds of deeltyds		
Assesseringsmetodes: Verhandeling (100%) word geëksamineer ooreenkomstig met die Fakulteit riglyne deur interne en eksterne eksaminatore.		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI</b>		
<b>Modulekode: STTK874</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Gevorderde hersteekproefnemingsmetodes</b>		
Module-uitkomste: Die student sal kan aantoon dat hy/sy in staat is om oor 'n wye gebied gevorderde inferensie te kan doen, wat gevalle insluit waar klassieke analitiese metodes weens onberekikbaarheid nie toegepas kan word nie, en konvensionele skoenlusmetodes nie bevredigende antwoorde gee nie. Hy/Sy sal diagnostiese metodes bemeester om die veilige toepassing van skoenlusmetodes te bewerkstellig. Die student sal gevorderde metodes rakende komplekse regressiesituasies soos by veralgemeende lineêre modelle, sekere nie-lineêre modelle, semi- en nieparametriese regressiemodelle en oorlewingsmodelle bemeester, sowel as nuwe inferensiemetodes rakende tydreekse en puntprosesse ken. Die student sal kan identifiseer watter probleme en inferensietake met		

die skoelusmetode aangepak kan word, hy/sy sal vlot kan programmeer in beide SPLUS en in FORTRAN en sal ook na die IMSL biblioteke kan skakel in programme, sodat statistiese inferensie op nie-parametriese gebied gedoen kan word. Dit stel die student in staat om talle probleme wat voorheen onaangeraak gelaat is weens kompleksiteit, met gevorderde tegnieke en rekenaarmetodes op te los.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI**

**Modulekode: STTK875**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Gevorderde statistiese modelle**

Module-uitkomst:

Die student sal kan aantoon dat hy/sy die statistiese aspekte van nie-parametriese regressie-gladstrykings-metodes bemeester het, beide teoreties en prakties. Die student sal kan demonstreer dat hy/sy die basiese onderliggende idees t.o.v. gladstryking, asook spesifieke gladstryktegnieke bemeester het (waaronder kern-gladstrykmetodes t.o.v. funksies sowel as afgeleides van funksies, k-naasliggende gladstrykmetodes, ortogonale reeksberamers, en die sogenaamde "spline"-gladstrykers). Die akkuraatheid van die gladstrykmetodes hang onder andere af van die keuses van die kernfunksies en die gladstrykparameters. Die student sal die metodes om keuses van die kernfunksies en die gladstrykparameters te maak, kan toepas en ook weet hoe om te bepaal hoe suksesvol die nie-parametriese regressiemetodes t.o.v. sekere maatstawwe is. Die student sal na afloop van die kursus regressieprobleme kan aanpak wat vantevore onmoontlik was, weens ongeldigheid van voorwaardes wat vereis word in bekende parametriese metodes.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI**

**Modulekode: STTK876**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Gevorderde meer veranderlike Statistiek**

Module-uitkomst:

Die student sal toegerus wees met beide 'n deeglike teoretiese agtergrond sowel as a praktiese vaardigheid om oor 'n wye reeks onderwerpe in die Meer veranderlike Statistiek te manipuleer en inferensie te doen, soos die geometriese voorstelling van data, die meer veranderlike Normaal-verdeling en eienskappe daarvan, algemene inferensie oor 'n gemiddelde vektor, die vergelyking van meer veranderlike gemiddelde vektore, meer veranderlike lineêre modelle, detail-studies oor die bepaling van hoofkomponente, die uitvoer van kanoniese korrelasie analise, diskriminasie, klassifikasie en die toepassing van trosanalise. Hy/Sy sal beskikbare programpakette, bv S-PLUS, SAS en STATISTICA kan gebruik, asook ander rekenaarmatige webwerwe soos dié van die pakket R. Die student sal in staat wees om te kan besin oor meer veranderlike probleme en analitiese oplossings kan uitwerk waar dit moontlik en toepaslik is, beide t.o.v. die teoretiese probleme rakende die onderwerpe hierbo genoem, en in die praktiese situasies waar inferensiemetodes toegepas kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI**

**Modulekode: STTK877**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Gevorderde waarskynlikheidsleer**

Module-uitkomst:

Die student sal die maat-teoretiese begroning van Waarskynlikheidsleer verstaan en stellings en wette wat daaruit voortspruit, veral ten opsigte van ontwikkelinge van die afgelope dekades, ken. Die student sal ook die begrippe 'onafhanklikheid, inter-veranderbaarheid ("interchangeability")' en 'M Artingale' goed verstaan en ken. Die student sal grondbegrippe soos sigma-algebras, meetbare en produkruimtes, meetbare transformasies, limiet-waarskynlikhede van gebeurtenisse, en ander verwante begrippe verstaan soos dit toepassing vind in formulerings en bewyse van grondstellings oor Waarskynlikheids-leer. Die student sal goed vertrou wees met onderwerpe soos integrasie in 'n waarskynlikheidsruimte, stoptye, maatteoretiese grondstellings toegepas op die waarskynlikheidsmaat, M Artingale en limietstellings vir onafhanklike stogastiese veranderlikes. Na suksesvolle voltooiing van die kursus sal die student oor die nodige vaardighede beskik om teoretiese en praktiese probleme rakende bogenoemde aspekte aan te pak met die oog op basiese statistiese navorsing en navorsing rondom gevorderde statisties-finansiële probleme en verwante probleme in ander toepassingsgebiede.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI**

**Modulekode: STTK878**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Gevorderde Tydsreeksmodelle**

Module-uitkomste:

Die kursus in gevorderde tydsreeksmodelle bied die student die geleentheid om kennis te maak met gevorderde modelle in tydsreeksanalise. Standaard begrippe waarvan gebruik gemaak word in die kursus sluit in onderwerpe soos: lineêre tydsreeksmodelle, stationêre ARMA modelle en nie-stationêre ARIMA modelle, modelidentifikasie, voorspelling, toetsing t.o.v die bestaan van eenheidswortels en inleiding tot meerveranderlike tydsreeksmodelle soos byvoorbeeld vektor autoregressiewe modelle. Die gevorderde module stel die student in staat om tydsreeks te bestudeer vanuit die oogpunt van die sogenaamde frekwensie-benadering in stede van die gewone tydsbenadering. Daar word gefokus op spektraalteorie van stationêre prosesse en beraming van die spektrum. Verder word gevorderde onderwerpe behandel in meerveranderlike tydsreeks, oordragfunksiemodelle, toestandruimte-modelle, die Kalman-filter, langgeheue en nie-lineêre prosesse word bespreek en die invloed van die samevoeging van tydsreeksdata asook sistematiese steekproefnemings van data op die verdeling van toetsstatistieke en betekenispele word beskou.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI**

**Modulekode: STTK879**

**Semester 1 en 2**

**NKR-Vlak: 9**

**Titel: Gevorderde Stogastiese prosesse**

Module-uitkomste:

Hierdie kursus bied die student die geleentheid om 'n maatteoretiese beskouing van belangrike fassette van finansiële wiskunde op te bou, en word aangebied in terme van risiko-parameters. Die student word toegerus met 'n agtergrondkennis rondom finansiële afgeleides en gebeurlikheidsreise, asook met 'n oorsigtelike wiskundige basis en kennis oor diskrete-tyd stogastiese prosesse. Hierdie kennis word toegepas op diskrete-tyd finansiële wiskunde en uitgebrei na kontinue-tyd situasies. Onvolledige markte en rentekoersmodelle is ingesluit in die kursus. Die student word dus in staat gestel om begroonde kennis te dra oor boustene van die finansiële wiskunde en om standaard interdisciplinêre opsies te kan aanpak vanuit 'n matematies-statistiese agtergrond wat kritiese hantering van onsekerhede oor bv. prysing en winsbegrensing meer doeltreffend beheerbaar maak.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI</b>		
<b>Modulekode: STTN872</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Verhandelning</b>		
Module-uitkomste: Die student word toegerus om statistiese navorsingsmetodologie en –tegnieke te bemeester en toe te pas, wat impliseer dat die student die nodige kundigheid verwerf om in sy vakgebied 'n geskikte navorsingsonderwerp te identifiseer, teoretiese agtergrondskennis in te win, toepaslike oplossingsteorie voor te lê, stellings te formuleer en te bewys indien nodig, en praktiese bewys te lewer van die sinvolheid, implementeerbaarheid en juistheid van die nuwe oplossingsstrategie. Metodes om die bestaande proses wetenskaplik te boekstaaf, word aangeleer. Die student se vooraf diepgaande, fundamentele opleiding in geselekteerde, gevorderde vakteoretiese onderwerpe word in die verhandelning vergestalt. Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die statistiese denkwysse bemeester het. Hy/Sy sal in staat wees om selfstandig leerstof en metodes te bemeester, asook moderne tegnieke, apparaat en sagteware te beheer. Hy/Sy sal doeltreffend en selfstandig kan funksioneer om navorsing en/of praktyk-gerigte probleme van standaard omvang in sy vak te doen en/of op te los. Die student sal dus as selfstandige wetenskaplike kan optree en leiding neem om standaard tot gevorderde probleme en projekte af te handel, sowel as om navorsingsprojekte te kan onderneem in die praktyk.		
Metode van aflewering: Voltyds, Verhandelning		
Assesseringsmetodes: Volgens die fakulteit se neergelegde reëls vir die eksaminering van verhandelings. Uiteindelik tel die verhandelning 100/180 van die finale punt.		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Eenheid vir BWI</b>		
<b>Modulekode: STTN874</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel: Gevorderde Oorlewingssteorie</b>		
Module-uitkomste: Die inhoud van die module sal die student toerus om die kompleksiteit van gesensorde en afgeknote datastelle te hanteer soos dit tipies voorkom oor 'n wye reeks gebeurtenisvelde in die biologiese- en publieke gesondheidsvelde, epidemiologiese- en mediese studies, asook in ingenieurswese en ekonomie. Beraming van die oorlewingsfunksie, die kumulatiewe uitvalstempo ('hazard rate') en maatstawwe van sentraliteit, sowel as beramingsmetodes vir meer gekompliseerde gesensorde datastrukture, gladstrykingsmetodes, hipotesetoetsing en Bayes oorlewingsmetodes is ingesluit. Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student sinvol gesensoreerde en afgeknote datastelle kan hanteer en inferensie kan doen oor die onderwerpe hierbo genoem. Spesifiek sal die student die vaardighede hê om oorlewingsmodelle krities te evalueer en effektief te implementeer in die toepassingsveld van versekeringswese. Toepaslike beramingsmetodes sal aangewend kan word vir leeftydverdelings en ander parameters soos bv oorgangstempo's (statistiese modelle sal gebou kan word vir o.a. die oorgang tussen meervoudige state en mortaliteite). Toetse vir konsekwentheid van beramers sal geïmplementeer kan word. Daar sal ook gekyk word na eenvoudige assurance en annuïteit kontrakte en die toepassing van oorlewingsmodelle hierop. SAS, R en Statistica sal aangewend word vir berekeningsdoeleindes		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, opdragte, eksamen		
<b>Eenheid/Sentrum/Fokusarea:</b>		
<b>Modulekode: TGWN872</b>	<b>Semester 1 en 2</b>	<b>NKR-Vlak: 9</b>
<b>Titel:Verhandelning</b>		

Module-uitkomst:

*Kennis:* Die student word toegerus om toegepaste wiskundige en wiskundige navorsingsmetodologië en –tegnieke te bemeester en toe te pas, wat impliseer dat die student die nodige kundigheid verwerf om in sy vakgebied 'n geskikte navorsingsonderwerp te identifiseer, teoretiese agtergrondskennis in te win, toepaslike oplossingsteorië voor te lê, stellings te formuleer en te bewys indien nodig, en praktiese bewys te lewer van die sinvolheid, implementeerbaarheid en juistheid van die nuwe oplossingsstrategie. Metodes om die bostaande proses wetenskaplik te boekstaaf, word aangeleer. Die student se vooraf diepgaande, fundamentele opleiding in geselekteerde, gevorderde vakteoretiese onderwerpe word in die verhandeling vergestalt.

*Vaardighede:* Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die toegepaste wiskundige denkwysse bemeester het. Hy/Sy sal in staat wees om selfstandig leerstof en metodes te bemeester, asook moderne tegnieke, apparaat en sagteware te beheer. Hy/Sy sal doeltreffend en selfstandig kan funksioneer om navorsing en/of praktykgerigte probleme van standaard omvang in sy vak op te los. Die student sal dus as selfstandige wetenskaplike kan optree en leiding neem om standaard tot gevorderde probleme en projekte af te handel, sowel as om navorsings-projekte te kan onderneem in die praktyk.

Metode van aflewering: Nie van toepassing – navorsingsprojek

Assesseringsmetodes: Die student dien 'n verhandeling oor 'n geskikte onderwerp in.

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe**

**Modulekode: TGWN881 Semester 1 en 2 NKR-Vlak: 9**

**Titel: Toepasbare Analise 1**

Module-uitkomst:

Deur voort te bou op vorige kennis, behoort die student na die afhandeling van die module TGWN881 (Toepasbare Analise I) 'n deeglike en gevorderde kennis en vaardigheid kan demonstree in

\* die dieper beginsels,

\* die metodes,

\* en die toepassings van die teorie

rakende geselekteerde aspekte van een of meer van die volgende onderwerpe:

Oplosbaarheid van eindig-dimensionele integraal-, differensiaal- en operator vergelykings; die kontraksie afbeeldingsbeginsel; toepassings van die integrasieteorie; toepassings van volledige ruimtes met Hilbert en en Norm strukture; Variasierekening.

Metode van aflewering: Voltyds/Deeltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assesering in die vorm van praktiese opdragte / huiswerk en/of projekte wat verskeie uitkomstes van die module integreer, en summatiewe assesering in die vorm van of 'n geskrewe eksamen, of 'n in-diepte opstel oor 'n gekose onderwerp waarin die mate waartoe die studente die uitkomstes van die module behaal het met behulp van toegepaste en teoretiese vrae geasseseer sal word.

**Eenheid/Sentrum/Fokusarea: Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe**

**Modulekode: TGWN882 Semester 1 en 2 NKR-Vlak: 9**

**Titel: Toepasbare Analise 2**



